

Die Status VAN DIE UNIE Getoets

AAN
DIE BEGINSELS
VAN
SUIDAFRIKAANSE
NASIONALISME.

DIE BETEKENIS VAN DIE OU
EN NUWE ARTIEKEL IV.

DEUR DR. H. J. STEYN.

(Artiekels oorgedruk uit „Die Weste.”)

1929.

“Die Weste”-Drukkery, Potchefstroom.—6256.

342.029
STE

INHOUD.

INLEIDING	Bladsy 3
HOOFSTUK I.—Die betekenis van die Ou Artikel IV. van die Nasionale Party Konstitusie.	5
HOOFSTUK II.—Die betekenis van die Nuwe Artikel IV.	13
HOOFSTUK III.—Die wese van Dominium Status saamgevat in die volgende Stellings	17
STELLING 1.—Die 1926 Rykskonferensie het nie nuwe elemente in die Britse Konstitusionele Reg ingevoer nie, wat nie alreeds van tevoren, hoewel vaag, daarin aanwesig was nie.	17
STELLING 2.—Afskeiding. Die wese van die Britse Empire en die 1926 Rykskonferensie definisie van Dominium sluit afskeiding uit	17
STELLING 3.—Republiek. Op grond van die Rykskonferensie Verklaring het ons geen reg om 'n Regeringsvorm in die van 'n Republiek te verander nie.	23
STELLING 4.—In geval van oorlog van een of meer lede van die Britse Gemenebes van State, word die reg van Neutraliteit bepaal deur die Rykskonferensie begrip; "United by a common allegiance to the Crown."	24
STELLING 5.—Dominieale Outonomie is alleen 'n inter-imperiale en nie 'n inter-nasionale Onafhanklikheid nie.	26
HOOFSTUK IV.—Besware van algemene aard teen die nuwe Artikel IV. en sy aanhangsels.	29
HOOFSTUK V.—Ons Dominiële Outonomie beskou uit die standpunt van Nasionalisme.	35
1.—Wat is Suid-Afrikaanse Nasionanisme,	35

2.—Dominiële Outonomie getoets aan die Demokratiese Regeringsvorm.	38
---	----

4.—Is Dominiële Onafhanklikheid met sy lidmaatskap van die Britse Gemenebes van State 'n waarborg vir die volle ontplooiing van die Hollands-Afrikaanse Nasie-siel?	44
--	----

HOOFSTUK VI.—Die Smuts-Hertzog-Angelsaksiese Verhoogde Status of Dominiële Soewereine Onafhanklikheidsteorie.	48
--	----

Grondslag van hierdie Teorie.

Besware teen hierdie Teorie.

1.—Die Unie in sy bestaande Staatsverband is nie gegroei uit, en gedy nie in die gesonde Volkswil	52
---	----

2.—Die Unie pas nie by die aard van ons Hollandse-Afrikaanse Nasie.	53
---	----

3.—Dit is nie 'n waarborg vir die vrye, en volle ontwikkeling van ons Volksaard.	53
--	----

4.—Die Unie Staat skep nie die nodige middels waardeur die Hollandse-Afrikaanse Volkswese gehandhaaf kan word.	53
--	----

5.—Die Unie Staat met sy Britse-interdominiële bande is nie 'n inspirasie vir ons Hollandse-Afrikaners.	54
---	----

HOOFSTUK VII.

1.—Die Onafhanklikheidsteorie van Nasionalisme	55
--	----

2.—Afskeiding 'n lewensvoorwaarde vir ons volk.	61
---	----

3.—'n Republikeinse Verbond gebiedend, 'n Republikeinse Politieke Party ongewens.	72
---	----

Die Status van die Unie Getoets

AAN

DIE BEGINSELS VAN SUIDAFRIKAANSE NASIONALISME.

Die betekenis van die ou en nuwe Artikel IV.

(Deur Dr. H. J. Steyn.)

Die verkiesingsstryd is verby. Die lug deur eleksiestofwolke verduister, is aan opklare. Die tyd het aangebreek om ons hand in ons boesem te steek en ons af te vra, of daar nie vertroebeling van beginsels en 'n verflouing van die grense op staatkundige gebied plaasgevind het en nog plaasvind.

Die Nas. Party het 'n skitterende oorwinning behaal. Met vlieënde vaandels het dit uit die stryd te voorskyn gekom. Het Nasionalisme ook geseëvier? Het die verdieping en verbreiding van die innerlike waarde van ons volksideale gelyke pas gehou met die ontplooiing van die uiterlike krag deur die Nas. Party? In jeugdige optimisme het ons altyd daaraan geloof dat Nasionalisme en Nas. Party begrippe is wat mekaar in elke opsig dek.

Hierdie studie is 'n ondersoek om uit te maak of hierdie opvatting juis was, in elk geval of dit nou nog geregverdig is. In ander woorde: Dit gaan oor die plek-bepaling van die Nasionale Party in die volkslewe. Hoe meer die Nasionale Party se strewe die ideale van Nasionalisme bevredig, des te belangriker sal sy aksie as nasievormende krag wees. Hou die Nasionale Party sy ideale nie suiwer nie, dan daal dit van sy hoë voetstuk as nasievertolker, tot die laere van 'n blote politieke-partymasjien. Dan bly dit wel nog 'n gewigtige instrument, dog in elk geval slegs 'n

instrument wat deur Nasionalisme alleen gebruik word, waar en solang dit dienstig is. Dog alleen in buitengewone omstandighede sal Nasionalisme hom geroepe voel om 'n ander politieke party te stig. Dit sal alleen dan noodsaaklik wees, as die bestaande Nas. Party geheel waardeloos is as 'n instrument om ons Nasionale ideale op politieke terrein te verwesenlik. Laat my aan die begin van hierdie studie om 'n verkeerde stemming te voorkom, al dadelik met nadruk verklaar, dat die resultaat van hierdie ondersoek sover dit nie Nas. Party raak 'n teenoorgestelde resultaat lewer.

Die Nasionale Party is nog nie uitgedien nie. Dit is dus vir Nasionalisme nog nie nodig nie om 'n Republikeinse afskeidings- of watter ander politieke party ook op hierdie stadium in sy plek in die lewe te roep. — Selfs met die oog op die bevordering van ons onafhanklikheids-ideale.

Die twee prinsipiële vrae waarom dit hier uit die standpunt van Nasionalisme gaan is in die eerste plek: of Dominium Outonomie 'n waarborg is vir die voortbestaan van die Hollands-Afrikaanse ras in volkome gelykregtigheid met die ander nasies en rasse wat die Suidafrikaanse volk vorm?

In die tweede plek: of Dominiële Outonomie 'n staatkundige vryheid is, ooreenstemmend en volkome bevrediging gee aan die diepste ideale wat ons altyd gekoester het, nie so groot die Engelse, dog die Hollands-Afrikaanse nasie in Suidafrika.

Die bepaling van die wese van Dominium Status is tegelykertyd 'n beantwoording van hierdie vrae. Ons sal dus moet ondersoek of in Dominium Status werklik of potensieel 'n onafhanklikheid opgeslote lê, waaronder 'n volle ontwikkeling van die nasieskap, nie alleen van die Engelse-, maar net so goed van die Hollandse-Afrikaner kan plaasgryp.

Dit is die algemene aspek van die vraagstuk. Daar bestaan egter nog 'n nouere, 'n besondere, wat vir die praktiese verwesenliking van die voorafgaande sosiaal-staatkundige begrippe van groot belang is. Dit is in hoeverre die vroeëre en huidige politiek van die Nas. Party in ooreenstemming was, en is met hierdie ideale van Nasionalisme, en in hoeverre dit, toe, en nou, dit prakties toegepas het en nog handhaaf.

Ons begin met die ondersoek van hierdie besondere aspek en vra ons af, wat was, en is, die strewe van die Nasionale Party op die staatkundige terrein waaronder ons status val? Bestaan daar onderskeid tussen die *'was en is'* van die Nasionale Party?

Het ons rede om te vra of daar verskil tussen die verlede en hede van die Nas. Party bestaan? Het ons rede om te veronderstel dat daar koersverandering plaasgegryp het?

Niemand wat kennis daarvan geneem het, met hoeveel bedrywigheid en erns die leier van die Nas. Party die land laasjaar deurkruis het om 'n bepaalde leer oor ons Status en oor ons Party beginsels te verkondig;—niemand wat die diskussies op party-vergaderings en veral van die vier Nasionale Party kongresse in die verskillende Provinsies gevolg het—en niemand wat kennis geneem het van die besluite op hierdie kongresse gepasseer, sal vir één enkele oomblik ontken, dat dit gegaan het oor diep-ingrypende beginsels van die Nas. Party, en oor grondbeginsels van Nasionalisme.

Ek bedoel die stryd oor die verandering van Art. (IV) van die Nasionale Party-konstitusie en oor die beginsels wat daarom draai en onmiddellik daarmee verband hou

Ons wil hierdie stryd nie heropen nie. Dit is egter vir ons ondersoek noodsaaklik om in korte trekke uiteen te sit, waarom dit gegaan het. Om dit te kan doen moet ons die betekenis van die ou Artikel (IV) skets, en die nuwe Art. (IV) wat sy plek ingeneem het, ontleed.

HOOFSTUK I.

WAT WAS DIE BETEKENIS VAN DIE OU ARTIEKEL (IV)?

Die ou artikel het gelui:—

„Die bestaande betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk word sonder omweg erken. Daar egter die uiteindelijke bestemming en die doel van die volk van die Unie, soos die van elk ander sigself respekterende nasie, sy volkome vry-

heid en soewereine onafhanklikheid moet wees, en dat slegs deur sulke volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid die vriendskaplike verhouding tussen Suidafrika en die Verenigde Koninkryk kan bestaan, sal die Nas. Party elke geleentheid te baat neem en elke poging aanwend om die bestaande regte en vryhede van die Unie getrou te handhaaf, en om dit langs konstitusionele weg, en met die oog op die belange van Suidafrika, verder uit te brei, totdat Suidafrika as selfstandige staat ook in praktyk in elke opsig gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk, en verder uiteindelik sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid verkry. In ooreenstemming hiermee verklaar die Party hom beslis teen enige rigting, optrede of politiek, wat die strekking het om ons bestaande regte en vryhede op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak, of om die deur vir die verkryging van die uiteindelijke vryheid en soewereine onafhanklikheid te sluit, en onderneem om sodanige rigting, optrede of politiek met alle geoorloofde middele te bestry.'

In hierdie artikel word aan drie skerp omskrewe begrippe uitdrukking gegee.

1.) Die bestaande betrekkings tussen die Unie en Groot-Brittanje *word daarin erken.*

2.) Die regte en vryhede van die Unie moet langs konstitusionele weg uitgebrei word, totdat Suidafrika as 'n selfstandige staat en elke opsig teoreties en prakties *gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk.*

3.) En nadat 'n gelykheid gelyk aan die van Groot-Brittanje verkry is, moet die regte en vryhede verder uitgebrei word: *totdat uiteindelik 'n volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid bereik is*

Uit hierdie ou artikel blyk dit dat daar 'n prinsipiële onderskeid gemaak word tussen die onafhanklikheid in elke opsig gelykstaande met die van Groot-Brittanje, en volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid.

Ons sal hier moet kies tussen een van die twee moontlikhede: Of die opstellers van die ou artikel (IV) het aan 'n verregaande staatsregtelike onkunde gely, deur 'n volkome gelykheid aan Groot-Brittanje nie dieselfde as soewereine

onafhanklikheid te beskou nie. Dikwels tog word aldus geredeneer:

Groot-Brittanje is 'n soewereine onafhanklike staat: Suidafrika is in alle opsigte gelyk aan Groot-Brittanje op staats-regterlik gebied, logies moet dus daaruit volg, dat dominiële outonomie dieselfde moet wees as soewereine onafhanklikheid.

Uit hierdie redenering volg dat die opstellers van die ou artikel 'n staatsregterlike ongerymheid verkondig het; in elk geval dat hulle aan 'n groot mate van kortsigtigheid gelyk het, omdat hulle nooit aan die moontlikheid van 'n konstitusionele ontwikkeling, waardeur die twee begrippe dieselfde sou word, gedink het nie.

Gelukkig vir die reputasie van ons toenmalige voormanne, waarvan 95 persent nog ons hedendaagse leiers is, is die staatsregterlike en internasionale verhoudings van die Unie nie so eenvoudig nie.

Soos ons nog uitvoerig sal bewys behoeft die twee staatsregterlike begrippe „soewereine onafhanklikheid” en „volkome gelykheid met Groot-Brittanje (dominiële outonomie)” nie sinoniem te wees nie—ook nie as gevolg van die konstitusionele ontwikkeling in die 1926 Rykskonferensie vasgelê.

Ons kan ons dus afvra: wat is die aard en onderskeid tussen hierdie twee begrippe volgens die ou artikel (IV)?

Hulle betekenis word bepaal en verder omskryf deur hulle samehang met die Byvoegsels van art. (IV). Hulle moet dus in die lig van die Byvoegsels verklaar word. Hoewel die Byvoegsel alleen in die konstitusie van die Vrystaatse Nas. Party voorkom, het ons egter alle reg om te veronderstel, dat dit die gevoelens van die hele Nas. Party vertolk het.

Die bewuste byvoegsel het gelui:

1.) *Soewereiniteit van die Volk*: Dat die Nasionale Party die soewereiniteit van die volk van die Unie sal handhaaf.

2.) *Reg van Selfbeskikking*: Dat die Nas. Party die reg erken om te eniger tyd deur die vrye uitoefening van die soewereine Volkswil te beslis en langs konstitusionele weg die soort Goe-

werment te bepaal en die bestaande Goewerment in enige opsig te wysig.

3.) *Reg van Afskeiding*: Dat die Nasionale Party die reg erken van die inwoners van die Unie om van Groot-Brittanje af te skei, en die bestaande bande tussen die Unie en Groot-Brittanje te verbreek of te verander ooreenkomstig met die vrye wil van die bevolking van die Unie.

4.) *Geen Imperiale nouere vereniging*: Dat die Nas. Party die onskendbaarheid en supreme outoriteit van die soewereiniteit van die volkswil erken, en dat die Party hom self teen enige daad of poging verklaar en dit sal teenstaan, wat inbreuk maak op die soewereine wil van die volk, of andersins waardeur enige band of verhouding in die lewe geroep word wat die teenswoordige verhouding tussen die Unie en Groot-Brittanje of enige ander land op so 'n manier verander, dat die soewereiniteit van die volk of die reg om dit ter enige tyd vryelik uit te oefen, belemmer word.

5.) *Republikeinse Propaganda*: Wat betref die Republikeinse propaganda, is die Party van oordeel, dat niemand belet of verhinder mag word om vryelik uiting te gee aan sy eerlike oortuiging en mening omtrent die wenslikheid van die een of ander vorm van landsregering, en dat niks aan iemand in die weg behoort gelê te word nie, om vir die oortuiging propaganda te maak, vir sover die wet dit toelaat.

Die Party verklaar verder: Dat dit nie die bedoeling is van die republikeins-gesinde gedeelte van die volk om op enige ander wyse dan langs konstitusionele weg sy ideaal tot verwesenliking te bring nie, en wel met inagneming van die gevoelens en simpatie sowel van die Engelssprekende as van die Hollandssprekende burgers van die land.

En hoewel die Party nie die beginsels kan toegee, dat die wil van die minderheid, sonder dat dit deur spesiale ooreenkoms of deur die wet daartoe gemagtig is, die wil van die meerderheid kan bind of dwarsboom, tog spreek dit as sy oortuiging uit, dat die geluk en welvaart van die volk van die Unie vereis, dat sover dit die vraagstuk van afskeiding betref, geen besliste stap behoort geneem te word nie, voordat dit as 'n bepaalde vraagstuk aan die wil van die volk onder-

worpe gemaak is deur 'n referendum; of andersins die meerderheid van die kiesers van die land hulle self vir afskeiding verklaar het.

Ons sien dus dat veral die volgende vyf begrippe in die Byvoegsel opgeneem is:

- 1.) Die soewereiniteit van die Volkswil.
- 2.) Die selfbeskikkingsreg.
- 3.) Die reg van afskeiding.
- 4.) Geen imperiale nouere vereniging.
- 5.) Die reg van Republikeinse propaganda.

Hierdie vyf beginsels is nie net 'n aanhangsel nie, dog 'n inherente deel van die ou artikel.

Hulle is 'n omskrywing van dit, en kwalifiseer dit, verder bepaal dit die karakter van die onafhanklikheid in die ou artikel. Die hoof Artikel praat van soewereine onafhanklikheid, die Byvoegsel sien in die toekoms en wys daarop langs watter weg dit waarskynlik bereik sal moet word. Dit moet verwesenlik word deur die toepassing van die selfbeskikkingsreg, deur 'n vrye uitoefening van die volkswil, in 'n rigting teenoorgestel aan nouere imperiale vereniging, dit is deur afskeiding en langs die weg van Republikeinse propaganda. Wat is dus die ideaal, die toekomsbeeld in die ou Artikel geskets? Volg dit nie logies daaruit in krag van sy Byvoegsel dat dit 'n soewereine onafhanklikheid is met 'n republikeinse regeringsvorm, afgeskei van die Britse Ryk?

Dat dit die juiste interpretasie is van die ou Artikel (IV) met sy Byvoegsels, word gestaaf deur die gehele optrede van die Nasionale Party tot aan die Rykskonferensie van 1926.

Dit blyk uit:

a). *Die verklaring van die Federale Raad in 1920.*

Uit Artikel 8 daarvan: „Die reg van afskeiding of sesessie is 'n steeds voortbestaande en voortdurende reg totdat afskeiding finaal bewerkstellig is.”

Art (17): Hangende die verwesenliking van ons Volksideaal, naamlik soewereine onafhanklikheid vir Suidafrika, afgeskei van die Verenigde Koninkryk (of en) -Britse Ryk, moet ons stappe neem om ook gelyk te wees met Engeland.

Art. (18.) Daar is net twee rigtings, soos die beroemde Joseph Chamberlain gesê het. *Die Do-*

*mileniums en die Verenigde Koninkryk moet toetaal van mekaar afgeskei word of nader aanme-
kaar gesluit of gebind word. Daar is geen middel-
weg nie. Die posiesie kan onmoontlik een van stil-
stand wees.*

Art. (19). Nee die Hollandse Afrikaner sê:
*„Ons kies Chamberlain se alternatief van totale
afskieding.”*

(11) (L). Dat dit onwaar is, dat die Her-
enigingskongres op enig ander punt misluk het
dan die weiering van die Suidafrikaanse Party
*om die sesessie reg te erken, en die onafhanklik-
heid as 'n beginsel of as 'n praktiese ideaal voor
oë te hou.*

1.) Dat dit ongeruimd is om te beweer, dat
die Unie reeds soewereine onafhanklikheid besit,
*of dit as 'n deel van die Britse Ryk ooit kan ver-
kry.*

Hierdie verklarings van die Federale Raad
is as 'n verkiesings-manifes bestempel, en word
gesê moet daarom nie te ernstig opgeneem word
nie.

Dit blyk egter ook uit 'n ander dokument
wat nie 'n verkiesings-manifes is nie, maar 'n
eerbiedwaardige beginsel-verklaring wat deur
die gesamentlike Partye op 'n gemeenskaplike
Kongres uitgevaardig is. Ek bedoel die „*Besluit
van die Gesamentlike Kongres van die Nasionale
Partye van Suidafrika gehou op 17 Jan., 1919, te
Bloemfontein.*” Die kongres waarop die Vryheids-
deputasie na Engeland gekies is, en waar byna al
die staatsmakers van die Nas. Party aanwesig
was. Daar was genl. Hertzog, Dr. D. F. Malan,
Adv. Beyers, mnr. P. G. W. Grobler, Adv. E. G.
Jansen, alger teenswoordige Nasionale Ministers;
daar was genl. de Wet en Senator A. D. Wolma-
rans, mnr. A. T. Spies, voorsitter van die Nas.
Party in Natal, nou senator, en nog baie ander
kopstukke.

Die redes van die afvaardiging van hierdie
Deputasie het genl. Hertzog in die toespraak, Okt.
1929, aldus opgesom: „Die sende van die Deputa-
sie was in die eerste plek—as 'n verset teen die op-
vatting van die Regering van die dag (Botha-
Smuts), sowel as die meerderheid van die volk,
dat Engeland die reg gehad het, om ons te ge-
bied sy oorlog te help voer. My standpunt was,
dat ons ook vry en onafhanklik was, en dat Enge-

land nie die minste reg gehad het om ons te kommandeer nie, maar ek en my mede-afgevaardigdes het gereken, dat indien ons vryheid en status op daardie manier deur die Regering en die meerderheid van die volk vertolk word, ons maar lievers die Republikeinse status van die Vrystaat en Transvaal moet probeer terugwin. Dit was my eerste rede. Die tweede was die verklaring van Pres. Wilson: dat geen volk die reg het om kleiner en swakker volke deur geweld onderhorig te maak en te hou nie. Daardie verklaring van Pres. Wilson is deur mnr. Lloyd George, toentertyd Eerste Minister van Engeland, in die openbaar gestaaf en erken. Toe het ons erken hier is ons kans, laat ons sien of dit hulle erns is. Natuurlik het ons van hierdie geleentheid gebruik gemaak weëns ons verskil oor die vertolking van ons soewereine status van die Regering-van-die-dag en die meerderheid van die Volk.—Ons houding is volkome geregverdig geword deur die antwoord van Lloyd George aan ons. Hy het tekenne gegee dat dit onmoontlik was om die Republikeinse regeringsvorm aan die Vrystaat en Transvaal terug te gee, aangesien hulle in die Unie met Kaap en Natal verenig is. Hy het egter bygevoeg. dat indien die eertydse Republieke tien jaar vroeër met die versoek gekom het, daar nie die minste beswaar sou bestaan het nie.”

Genl. Hertzog noem hier twee redes:—

1.) Om protes aan te teken teen die regering van die dag se uitlegging van ons status.

2.) Om te sien of dit erns was van Pres. Wilson met sy selfbeskikkingsreg van klein en onderdrukte nasies. Daar was egter nog 'n diepere grond vir hierdie afvaardiging.

Hierdie diepere betekenis was om te sien nie in die eerste plek of dit erns van Pres. Wilson was met die selfbeskikkingsreg, maar om aan te toon dat dit wel deeglik erns van die Hollandse Afrikaners was, nie alleen om geskonde regte herstel te kry nie, maar ook om uittreding uit die Britse Ryk te verkondig.

Hierdie sienswyse word ten volle gestaaf, deur die aansprake op daardie kongres gehou, en deur die besluite self daar geneem.

Genl. Hertzog het by die geleentheid gesê: „Die doel van hierdie byeenkoms is die grootste ideaal van die Nas. Party. Daar is niemand wat

meer daaraan glo dat ons vryheid onder ons konstitusie geniet nie. As gevolg van selfregering het ons tot 'n slegter staat van slawedom verval, maar dank God die dagbreek is daar wanneer 'n einde aan hierdie toestand gemaak sal word. Die Vrystaat wil vry wees omdat hy sy verkrachte regte herstel wil sien. Dit sal seker opbreking van die Unie beteken, dog beter afsonderlike vryheid dan gesamentlike slaafdom."

Ons sal sien of hierdie laaste sinsnee nie ook van toepassing is op ons huidige status; met die verstande dat Unie vir Vrystaat, en Britse Empire vir Unie gesubstitueer word.

Dr. Malan het gesê: „Dit is ons heilige plig om vir 'n Republiek te veg."

Minister Havenga: „Ons gaan na die land wat ons van ons vryheid beroof het, en ons gaan hom vra om ons vryheid terug te gee."

Minister Beyers: „Ons kan net so min stil bly oor ons Protestantisme en ons Godsdiens, taal en tradities, as verwag kan word dat ons stil kan bly oor ons onafhanklikheid."

Mnr. A. T. Spies: „Ons wil 'n Republiek hê. Natal was teen die wil van 'n groot aantal van sy inwoners geannekseer. Ons wil onafhanklikheid hê. Dit is die enigste moontlike beskerming vir die Hollandse-Suid-Afrikaners."

Dog genoeg. Uit hierdie aanhalings blyk dit duidelik dat iets meer beoog was as onafhanklikheid gelykstaande met die van Engeland. Dit volg nog duideliker uit die besluit self op die kongres aangeneem:

Besluit (6): „Geen ware en duursame vrede is moontlik totdat nie alleen die geskonde regte herstel is nie, maar ook die gehele Unie onafhanklik is en afgeskei van die Britse Ryk."

Besluit (7): „Die Hollandse bevolking sal met vasberadenheid steeds streef en alle konstitusionele middels aanwend om die volmaakte onafhanklikheid so as voorsê is te verkry."

Ooreenstemmend hiermee was die Verenigings Kongres? Is dit nodig om daarvoor uit te wei? Dit is te algemeen bekend waarop dit skipbreuk gely het. Die Federale Raad van die Nas. Party het die rede daarvoor in die volgende bewoording uitgedruk: „(L) Dat dit onwaar is, dat die Verenigings Kongres op enige ander punt

misluk het as die weiering van die *Suidafrikaanse Party om die sesessie reg te erken, en die onafhanklikheid as 'n beginsel of as 'n praktiese ideaal* voor die oë te hou."

Is daar nog meer bewyse nodig om aan te toon dat die gehele gees van die ou Artiekel (IV) met sy Byvoegsels 'n uiteindelik soewereine onafhanklikheid nie alleen gelykstaande met die van Engeland, dog afgeskeie van die Britse Empire beoog het?

HOOFSTUK II.

WAT IS DIE BETEKENIS VAN DIE NUWE ARTIEKEL IV?

Dit is die diepere betekenis van die ou Art. (IV). Die vraag waarom alles draai, is of die Nuwe Art. (IV) met hierdie betekenis ooreenstem, of dit voldoen aan hierdie grondbeginsels van die Nasionale Party? Of die nuwe dus 'n historiese ontwikkeling is uit die oue? Met ander woorde is die Dominiële Outonomie van die 1926 Rykskonferensie dieselfde as die uiteindelijke soewereine onafhanklikheid van die ou Artiekel? Want in die grond van sake kom dit feitlik daarop neer.

Om hierdie vrae afdoende te kan beantwoord moet ons eers die Rykskonferensie-verklaring en die nuwe artiekel in sy verband daarmee, aan 'n grondige ontleding onderwerp.

Die nuwe artiekel lui: „Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Rykskonferensie van 1926 afgelê, en stel hom ten doel die handhawing van ons soewereine onafhanklikheid daardeur erken, en die uitoefening van staatsfunksies op eie gesag. In ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party hom beslis teen elke rigting, optrede of beleid wat die strekking het om ons bestaande regte en vryheid op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak, en onderneem hy om sodanige rigting, optrede of beleid met alle geoorloofde middele te bestry.”

Hierdie nuwe Artiekel (IV) hou drie hoofbegrippe in:—

1.) Die Nasionale Party neem die Rykskonferensie-besluite as outoriteit aan.

2.) Dit aanvaar die Dominium-Status met sy uitoefening van staatsfunksies op eie gesag, soos uiteengesit op die 1926-Rykskonferensie.

3.) Dit besluit om daardie onafhanklikheid te handhaaf, en om alle poginge om die verkrege regte en vryheid onder die Rykskonferensie te verkleineer, in te kort of teenwerk met hand en tand te bestry.

Die Nasionale party sal handhaaf. Handhaaf beteken in sy wyere sin nie alleen om die sake te hou so as hulle is, dit beteken nie slegs stabiliteit nie, dog dit sluit ook 'n sekere dinamiese eienenskap in. Dit kan dus ook ontwikkel en uitbrei, dog die uitbreiding kan alleen geskied in dieselfde gees en rigting as die oorspronklike beginsel. Anders hou dit op om 'n handhawing te wees. Alleen op die ou elemente kan opgebou word, vreemde mag nie daaraan toegevoeg word nie. Dit kan dus wel 'n kwantitatiewe, dog nie 'n kwalitatiewe verskillende groei wees nie.

Die Nas. Party besluit dus onder die nuwe art. (IV) om ons onafhanklikheid en vryheid uit te brei ooreenkomstig die interpretasie van die Rykskonferensie-besluite.

Ons ondersoek kan hom dus nou tot 'n nouere kring bepaal. Dit laat hom nou tot die volgende vrae reduceer:

1.) Was daar wel 'n verandering in die ou Artikel nodig?

2.) Indien wel, is die nuwe artikel 'n aanpassing aan, of 'n prinsipiële verandering van die ou een?

3.) Is die nuwe artikel 'n suiwerder uitdrukking van ons nasie-strewe, en nasie-ideaal as die ou een?

Wat is dus die verskil tussen die ou en die nuwe artikel?

Genl. Hertzog het die verskil aldus uitgedruk: „Ek verklaar my beslis ten gunste van die skraping van die ou artikel. In 1915 was dit nodig, want alhoewel ons toe *vry en onafhanklik was*, was dit nie in ons eie land erken nie, en het Engeland dit nie formeel wêreldkundig gemaak nie. Toe moes die Nasionale Party daarvoor stry. Vandag is die doel bereik. Die ou artikel erken

die bande van ondergeskiktheid aan Groot-Brittanje. Vandag bestaan nie meer sulke bande nie, daarom kan daardie artikel nie bly bestaan soos dit nou is nie."

Genl. Hertzog bedoel: Ons onafhanklikheid wat al in 1915 bestaan het, is nadat dit in 'n staatstuk deur die Rykskonferensie opgetrek is, wêreldkundig gemaak. Om hierdie rede, en omdat die ou artikel ons ondergeskik aan Groot-Brittanje verklaar het, is die ou artikel obsoleet geword, en was dit noodsaaklik om dit te wysig.

Hierdie laaste rede is tot op sekere hoogte juis, die eerste egter nie korrek nie. Wat die laaste betref, het die ou artikel soos ons aangehaal het, gelui: „Die bestaande regte en vryhede van die Unie moet langs konstitusionele weë uitgebrei word—totdat Suidafrika as selfstandige staat, ook in praktyk in alle opsigte gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk...."

In 1915 het die gelykheid nog nie in alle opsigte betaan nie. Self in 1926 ook nie, wat die praktiese uitoefening van die staatfunksies betref. Dog ons wil aanneem dat hierdie teoretiese gelykheid, hoewel prakties nie volkome nie, tog sodanig is, dat dit nie 'n prinsipiële belemmering bevat nie, waardeur die praktiese gelykheid in die toekoms 'n werklikheid kan word. Ons neem dus aan dat die praktiese gelykheid in alle opsigte met Engeland net 'n kwessie van tyd is.

Genl. Hertzog het dus gelyk gehad toe hy beweër het, dat die ou artikel nie meer geheel op 'n juiste wyse ons staatsregterlike verhouding met Groot-Brittanje vertolk nie. Temeer omdat die ou artikel net van Groot-Brittanje praat en niks oor ons verhouding tot die Empire en Britse Gemenebes van State nie. Soos ons later sal aantoon, is dit nie te ontken nie dat tussen 1915 en 1926 wel deeglik in sekere mate van ewolusie op hierdie laasgenoemde gebied plaasgevind het. Die ou artikel van die Vrystaat gee slegs indirek deur die Byvoegsel daar uitdrukking aan, terwyl die van die ander Provinsies wat nie 'n Byvoegsel het nie, dit heeltemal nie doen nie.

Dit bring ons tot ons tweede vraag: Gee die nuwe artikel op juiste wyse hierdie betrekkings weer—is dit 'n verbetering op die oue?

As die nuwe slegs 'n aanpassing was van die

cue, as dit dus slegs uitgedruk het: dat toegegee word dat ons nou 'n onafhanklikheid besit, gelykstaande met die van Engeland, as dit desnoods daarby nog 'n omskrywing gegee het van die posisie van die Unie en die Britse Empire en die Britse Gemenebes van State, dan sou daar nie fout met die nuwe artikel gevind kan word nie.

Dog is dit so?

Ons het onomstootlik bewys dat die ou Artikel (IV) 'n beliggaming was van „volkome soewereine onafhanklikheid gelykstaande aan Engeland en afgeskei van die Britse Ryk.”

Die nuwe artikel, sou dus aan hierdie eis voldoen as Domieniale Outonomie dieselfde staatsregterlike begrippe uitdruk as die eindlike soewereine onafhanklikheid van die ou artikel, as dus ons teenswoordige status 'n verwesenliking is, miskien nie juis in dieselfde vorm nie, maar tog 'n verwesenliking van die ideaal deur die Nas. Party voor die 1926 Rykskonferensie gekoester. Blyk dit egter, dat Domienium Status nie dieselfde of ooreenkomstig is met die soewereine onafhanklikheid van die ou artikel, dog alleen identiek is aan „die selfstandige staat in teorie en praktyk in elke opsig gelykstaande met die Verenigde Koninkryk”, dan sien dit daar bedenklik uit. Dan tog sou dit 'n bewys wees dat die nuwe artikel wel 'n prinsipiële verskil met die oue maak. In die geval sou daar dus op hierdie terrein wel koersverandering plaasgevind het in die strewe van die Nas. Party; tensy 'n teenbewys gelever kan word, dat hoewel toegegee dat Domienium Outonomie nie soewereine onafhanklikheid is nie, dit tog alle bestanddele bevat, om in die toekoms dit wel te word, en dat die Nasionale Party deur 'n konsekwente toepassing van die Domienium-outonomie, die weg deur sy praktiese politiek daarheen baan.

Ons praat hier oor verskillende soorte van onafhanklikheid. Geheel tereg. Geen onafhanklikheid is teenswoordig ongekwalfiseer en ongekondisioneer nie. Daar bestaan tal van Internasionale ooreenkomste, Volkebond-traktate, Volkerebeginsels ens., wat elke onafhanklikheid aan bande lê.

Die karakter van die onafhanklikheid word bepaal deur hierdie kwalifikasies en kondisies.

As daar verskil bestaan, dan is dit oor die aard van hierdie—die beperkende bepalings.

By die waarde bepaling van Domieniale Otonomie sal ons dit steeds in gedagte moet hou.

HOOFSTUK III.

WAT IS DOMINIUM STATUS?

Wat is nou eintlik die ware aard van hierdie Dominiale Otonomie wat die Nasionale Party volgens die nuwe artikel plegtig verklaar te sal handhaaf. Die kern hiervan lê opgesluit in die definisie deur die Rykskonferensie van die Dominiums gegee; dit is:

"They are autonomous communities within the British Empire, equal in status, in no way subordinate one to another in any aspect of their domestic or external affairs, though united by a common allegiance to the Crown and freely associated as members of the British Commonwealth of Nations.."

Sy karakter word verder bepaal deur die titel van Sy Majesteit die Koning, wat as volg lui:

"George V, by the Grace of God, of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland and of the British Dominions beyond the seas, King....." ens.

Ons sal die wese van Dominiuum-otonomie hier nie in al sy besonderhede ontleed nie. Ons sal alleen sy vooruitstaande kenmerke behandel, wat belangrik is, om 'n juiste begrip te vorm, van die konsekwensies van onafhanklikheid. Hierdie eienskappe sal ons in die volgende stelling formuleer:

STELLING I: *Die 1926 Rykskonferensie het nie nuwe elemente in die Britse Konstitusionele Reg ingevoer nie, wat nie alreeds vantevore, hoewel vaag, daarin aanwesig was nie.*

Hierdie stelling is besonder belangrik. Die Nasionale Party het tog die ou Artikel (IV) verander op grond dat dit verouder is deur die drastiese veranderings wat daar in ons status op die laaste Rykskonferensie plaasgegryp het. Dit is tenminste die hoofargument wat aangevoer is. As dit dus blyk dat daar niks prinsipiëls by ons onafhanklikheid bygekom het nie, dan is natuurlik ingrypende veranderings wat die karakter van die ou artikel (IV) wysig, nie geregverdig nie.

Ons sal hier nie ons eie sienswyse weergee nie, maar net soos by die volgende stellings bekende outoriteite op staats- en volkerereg laat spreek. Watter elemente was reeds voor die 1926 Rykskonferensie in die Domienium-status aanwesig?

(1919.) *Lloyd George het al reeds in 1919 aan ons Vryheids-deputasie gesê: "Your Parliament does not stand under the British Parliament, your Government does not stand under the British Government. You are free."*

(1919.) *By die Debat in die Volksraad: Oor die Vredes-traktaat van Versailles het genl. Smuts gebesig: "We have received a position of absolute equality and freedom, not only among other states of the Empire, but also among the other nations of the world."*

(1920.) *Die Federale Raad van die Nasionale Party in Des., 1919.: „In die begin het ons volslae gelykheid met Engeland (die Verenigde Koninkryk.) Dit staan vas en geen Imperiale Konferensie of konstitusie is nodig om dit te bevestig nie, of te verduidelik of te bevorder nie. Daar is ook niks verder nodig nie dan ons praktiese optree in die Unie om die gelykheid daadwerklik te maak. Dus is daar wat ons betref, geen noodsaaklikheid vir die beoogde Imperiale Konferensie van 1921 (’n konstituante vergadering om die Ryksbetrekkings vas te stel.)"*

Ons het dus ’n onafhanklikheid gelyk aan die van Engeland, en geen Imperiale Konferensie is nodig om dit te omskryf nie.

(1921.) *Lloyd George by die opening van die Imperiale Konferensie, 1921, wat soos ons net gesien het volgens die Nasionale Party uit konstitusionele oogpunt oorbodig was:*

"The British Dominions have now been accepted fully into the community of nations by the whole world; in other words, they have achieved full national status, and they now stand beside the United Kingdom as equal partners in the destinies and responsibilities of the British Commonwealth."

GELYKE VENNOTE MET ENGELAND!

(1925.) *Genl. Hertzog, April 1925, in die Volksraad: Oor ons Status: „Vir my is dit nie die vraag om die verhoogde status te verkry nie. Dit het ons gekry en ek dink die enige verskil wat*

daar bestaan tussen my en die opposisie is dat die ander kant van die standpunt uitgegaan het, dat ons moes berus." (Dit nie prakties moet toepas nie.)

(1925.) Genl. Smuts in antwoord hierop: „My opvatting van die Britse Gemenebes is dat dit 'n organisme of kombinasie is, waar'n niemand meer is as die ander. Daar bestaan geen oppergesag nie. Dit is 'n samekoms van gelykes onder een soewerein, en hulle vergader om aangeleenthede van gemeenskaplike aard te bespreek."

(1926.) Genl. Hertzog op die vooraand van sy vertrek na die Rykskonferensie, in 'n toespraak te Kaapstad gehou:

"I notice that the idea has got abroad that at the Imperial Conference in October it is my intention to ask that we shall have a written constitution regulating our national and international status. I wish at once to say, that I shall do nothing of the kind. The Union being a free and independent state, nothing more is to be gained by committing that to writing; but what I shall do, is that the necessary steps should be taken that our status, equal to that of Great Britain and any other of the Dominions, shall be entitled to international recognition, shall be so published and declared to the world that we shall no longer have men pretending ignorance.

"With the consciousness that I am the representative of a free and independent nation, fully accepted into the community of nations, I shall proceed to the Imperial Conference in the full conviction that in our relations with Great Britain and the other Dominions as a commonwealth of free nations, there lies the secret-guarantee of our future welfare and prosperity, and with the sincerest intention of co-operating in making that Commonwealth a blessing to us all. But that can only be one as basis of equal, absolute national freedom to us all, frankly and openly known and declared."

Alles het ons al, dit moet alleen aan die wêreld bekend gestel word, dit is die kwintessens van genl. Hertzog se hele betoog.

Toe is die konferensie gehou. Wat verklaar die getuie wat die bespreking gevolg en die besluite bestudeer het, daarna?

NA 1926 SE RYKSKONFERENSIE.

Prof. Keith, één van die bekendste outoriteite op Britse staatsreg:

"The Conference, when it came to deal with the issues involved showed itself unable to arrive at any conclusions extending the outonomy of the Dominions beyond that already achieved....

"The actual concessions made were essentially subsidiary, recognition or slight extension being accorded to principles already in normal operations."

Wat is die essensiële volgens L. S. Amery, Sekretaris van Staat vir die Domieniums van die 1926 Konferensie? Hy het dit in 'n speech, Sept., 1927, te Johannesburg, duidelik gemaak:

"As you have said Mr. Mayor, even if the conclusion of that conference were not in one sense new, yet the conference itself was memorable because it registered, it defined, it laid down, by the consentient agreement of all, the stage which we have reached. That is characteristic of many great documents in our history."

Dit is die werklike verskil. Die bestaande onafhanklikheid is skerp omskryf, duideliker afgebaken, noukeuriger gedokumenteer. Dit was by die vorige, veral die 1923 Konferensie ook gedaan, dog minder volledig, onsamehangend. Die gewigtigste besluit uit konstitusionele oogpunt, wat nie in die 1923 Konferensie gestipuleer was nie, is die feit dat die Goewerneur Generaal voortaan direk aan die koning verantwoordelik sal wees en nie aan die Britse Parlement nie. Dit was seker 'n gewigtige bepaling, omdat daarmee vergoed 'n einde gemaak is aan die opvatting as sou ons Parlement ondergeskik wees aan die Britse. Dit is dan ook die enigste rede waarom die bewoording van die ou Artikel IV miskien duideliker gestel kon geword het, hoewel die ou artikel reeds nadruk gelê het op „die praktyk in elke opsig gelykstaande met die Verenigde Koninkryk." Nou is ons in praktyk nog nie heeltemal gelykstaande met Engeland nie, sodat selfs op hierdie punt die ou artikel nog lang nie so obsoleet is as voorgegee word nie. Dog soos ons reeds gesê het, ons lê nie nadruk op hierdie punt nie. Ons kan egter met reg die vraag stel:

Wat is daar nou eintlik waarvar. die alge-

meen geloofde sprokie dat ons onafhanklikheid sprongsgewyse op die 1926 Rykskonferensie vooruitgegaan is, en prinsipiël daar verander is?

Self in die praktyk het die Engelse Parlement na die oorlog hom nie ingelaat met Domieniale wetgewing nie, en het hy nie 'n wet gepasseer wat op die soewereiniteit van ons Parlement inbreuk gemaak het nie.

Al was die onttrekke van die G.G. aan die jurisdiksie van die Britse Parlement nog nie teoreties vasgelê nie, dit was in elk geval al 'n praktiese werklikheid.

Met reg kan ons afvra of daar wesenlik verskil bestaan tussen die Smuts-Verhoogde-Status-teorie en ons teenswoordige Domieniale onafhanklikheid, die onafhanklikheid wat die Nasionale Party in die nuwe Artikel (IV) verklaar te wil handhaaf..

AFSKEIDING

Die tweede kenmerk van dominium-status word deur die volgende stelling uitgedruk:

STELLING II. — *Die wese van die Britse Empire en die 1926 definisie van die Dominium sluit afskeiding uit.*

Wat sê Amery, eminente afgesant van die Britse Regering na die Dominiëns, offisiël afgevaardig om hulle presies uit te lê wat domieniale outonomie beteken, volgens die Britse Konstitusionele reg?

"In what partnership South Africa's obligations are the same as Great Britain. She is, in her responsibilities as well as her privileges an Imperial nation. Unfettered freedom is her acknowledged birthright, *but if she is true to that birthright, then Unity is the moral law that must guide her action.*"

Al is daar dus nie 'n wetlike, dan bestaan daar tenminste tog 'n sedelike grond, waardeur ons aan die Empire verbonde moet bly.

Manfried Nathan:—"The basis of the declaration is that selfgoverning communities associated with it through representatives are, *and*

continue to remain part of the Empire as a whole." Bruce, Eerste Minister van Australië in Febr., 1927, in verband met sy aandeel aan die Rykskonferensie-beraadslagings:— "We have established clearly the fact of the full autonomy of the Dominions in respect to every particular issue that was raised....and we had to do this on a basis *which left essential unity of the British Commonwealth unimpaired in any way.*" Dus volle onafhanklikheid en tog eenheid van die Britse Empire.

Prof. A. Berriedale Keith: — "On the 25th Nov., 1926, Mr. Baldwin expressly asserted no change was contemplated in the position of the Governor General as to reservations of Bills, thus negating the theory *that South Africa was now free to secede by simple act, automatically assented to.* (Responsible Government of the Dominions.)" Kommentaar is oorbodig.

Die teks self van die Rykskonferensie verklaring:— "Outonomous communities within the British Empire, united by a common allegiance to the crown."

Dit vorm die hoofbegrip, 'n eenheidsbegrip wat nie gedisintergreer kan word nie deur die kwalifiserende bybegrip "freely associated as members of the British Commonwealth of Nations."

Die titel van die Koning: "George V.—And of the British Dominions beyond the seas, King."

"Dominions beyond the seas"—dit vorm in die titel 'n eenheidskompleks. Die Domieniums en Ierland word as een geheel saam gebondel.

Hierdie samegroepering is nie net 'n blote redaksionele uitdrukking nie, maar het wel deeglik staatsregterlike betekenis. Wat die teenwoordige posiesie van die 'United Kingdom and Northern Ireland' ook mag wees, of die toekomstige van die Domieniums, op hierdie stadium word hulle nie as 'n afsonderlike eenheid beskou nie. Solang as die Tietel van die Koning nie verander word nie, bly hierdie feit bestaan, en het die bewering dat Suidafrika sy eie afsonderlike Koningskap besit, geen staatsregterlike agtergrond nie. Afskeiding beteken oplos van die eenheidsbegrip van die titel en tas dus die kroon self aan.

As die Dominium dus wil afskei kan hy hom nie beroep op sy onafhanklikheid gelykstaande met die van Engeland, kan hy hom nie beroep op enige reg deur die Rykskonferensie-verklaring aan hom gegee, om dit te kan doen nie. Hy sal dus op ander gronde, wat ons nie hier sal bespreek nie, moet handel.

Dit is ook teenstrydig met die wese van die Britse Empire en die Britse Gemenebes van State soos blyk uit die volgende aanhalings van Amery:—"The same governing sentence of those conclusions which lay down, the equal freedom of all partner nations, lays down in equally unmistakable terms....terms equally unanimously accepted by all who were present at that Conference....*the fact that all these nations live united under a common Crown.*"

Afskeiding is 'n verbreking van hierdie vereniging onder 'n gemeenskaplike kroon, wat soos Amery sê unaniem in die Rykskonferensies aangeneem is. En verder: "It is so served by keeping the idea of the Empire ever before us, by resisting anything *that would weaken the bonds that bind the Empire together.*" Dusdanig is die karakter van die onafhanklikheid wat die Nasionale Party verklaar in art. (IV) te sal handhaaf.

REPUBLIEK.

STELLING III: *Op grond van die Rykskonferensie verklaring het ons geen reg om 'n Republiek uit te roep nie.*

Dit is teen die grondbeginsel neergelê as sluitsteen van die Empire: 'United by a common allegiance to the Crown.' Of soos Amery dit uitdruk: "The Empire is one single body corporate of the subject of the King in loyalty to a common Crown." En verder: "But each of the British nations contains inherent within its own conditions a common loyalty to a common Crown." Hoe kan 'allegiance to a common Crown' gerym word met afskaffing van daardie kroon. Hoe kan 'n Republiek gevorm word selfs in die fiktiewe geval van die 'King President,' sonder die 'com-

mon' te verbreek, hierdie fondament van die 'British Commonwealth of Nations?'

Lloyd George het aan die vryheidsdeputasie in 1919 gesê: "In 1908, before Union, when your Free State got selfgovernment had you taken a Parliamentary resolution and said, we are again a Republic, you would have the fullest right to do so."

Lloyd George mag reg of verkeerd wees, dog dit is duidelik dat dit nie na 1926 nog so is nie. Die Rykskonferensie gee ons nie selfbeskikkings-reg nie, dog omskryf duidelik die saamhorigheid van die Ryk onder 'n gemeenskaplike trou van 'n gemeenskaplike Kroon. 'n Trou wat elke Parlements-lid plegtig moet verklaar: „Ek sweer trou en hulde aan Koning George en sy erfgename—aan Koning George en sy tittel,” waaronder val: —“and of the Dominions beyond the seas—King.” Hulle sweer nie trou aan George as Koning van Suidafrika, hulle kan dus sonder troubreuk nie hierdie gemeenskaplike Koning tot 'n afsonderlike President uitroep nie.

As ons 'n Republikeinse Regeringsvorm wil instel, sal ons dit nie kan doen op grond van enige reg, deur die Rykskonferensie verklaring ons toegeken. Ons sal dit op ander grond moet doen.

Dit is die karakter van die onafhanklikheid, wat die Nasionale Party volgens sy laaste kongres-besluite verklaar te wil handhaaf.

STELLING IV—*Neutraliteit*: In geval van oorlog van een of meer lede van die Britse Gemeenes van State, word die reg van neutraliteit bepaal deur die Rykskonferensiebegrip: 'United by a common -allegiance to the Crown.'

Die reg om onsydig te bly in die geval van oorlog word gereken as een van die vernaamste kenmerke van soewereine onafhanklikheid. Wat is die posiesie van 'n Domienium in geval van oorlog van een van die ander lede van die Britse Gemeenes van State? Kan 'n Domienium neutraal bly net wanneer hy wil? Ons bespreek nie of hy dit sal doen nie, dog of hy die reg het om dit op sy eie houtjie te kan doen.

Die aanhangsel van die Rykskonferensie wat hierop betrekking het, lui: "And though every Dominion is now, and must always remain, the sole judge of the nature and extent of its co-

operation, no common cause will in our opinion, be thereby imperilled."

Elke Domienium moet vir homself die aard en omvang van sy hulp bepaal. 'n Sekere mate van hulp word dus in elk geval verwag. Gewapende neutraliteit sal seker wel die geringste vorm van samewerking wees wat daar in 'n oorlog kan bestaan. Maar waarom sal die gemeenskaplike saak nie skade ly as elke Domienium vir hom moet besluit op watter manier hy wil ko-opereer?

Amery gee hierop die antwoord: "With us the unity of the *common Crown presupposes that when the King is at war, all his subjects must regard the King's enemies as their enemies. What they do is of course a matter for them and their Government to decide.*"

Ons Parlementslede het 'n dure eed van trou aan die Koning gesweer. As hulle wil stem om onsydig te bly, dan sal dit hulle eerste plig wees om eers te oordink of hierdie neutraal bly nie die Koning in 'n skewe posiesie sal plaas nie, en of dit van hulle belofte van trou nie 'n meened sal maak nie. As hulle eerloos wil wees, so redeneer Amery, dan sal hulle nie omgee om die gesamentlike Kroon in die steek te laat nie. Is hulle egter manne van hulle woord dan sal hulle as Britse burgers en Koning George se onderdane deur dik en dun bymekaar staan, en sal Suidafrika, al het hy nie direk belang daarby nie, tog byvoorbeeld Australië help as die in moeilikheid raak.

Nie deur ysere bande nie, maar nog sterker morele bande word die Britse Empire bymekaar gehou en gedwing mekaar se lief en leed te deel.

Tereg het die Federale Raad in 1920 gesê, ons herhaal dit hier weer: „Grote, vleierende en listige poginge word gedaan om ons nader aan mekaar te sluit. Die gevaar hiervan moet duidelik wees vir ons Unie-bevolking. Die 'oorlog-deursien' politiek het ons 'n bitter les geleer. Nee die Hollandse Afrikanerdom sê: 'Ons kies Chamberlain se alternatief van totale afskeiding.'"

Die 1926 Konferensie het aan die ondergrond van hierdie „oorlog-deursien politiek" niks verandering gebring nie. As ons dus nie op ons hoede bly nie, sal ons die een of ander keer weer 'n bitter les moet opsê. En dit is die soewereine onaf-

hanklikheid wat die Nas. Party laaste jaar besluit het om te aanvaar en te handhaaf!

STELLING V: *Domieniale outonomie is alleen 'n inter-imperiale en nie 'n internasionale onafhanklikheid nie.*

Die wese van die Britse Empire word bepaal deur drie hoofbegrippe:—

a) 'A Common Crown with a common allegiance.'

b) 'Common British citizenship.'

c) 'Autonomous communities within the British Empire and equal members of the British Commonwealth of Nations.'

Hef een van hierdie trias op en die Britse Gemeenbes van State val uit mekaar. Met een of twee kan hy nie bestaan nie. By ekstra-imperiale of internasionale onafhanklikheid kan die Domienium op sy eie, sonder raadpleging van wie ook, oorlog en vrede maak, internasionale traktate sluit, en word hy alleen gebonde deur internasionaal of volkereg. Om te veronderstel dat dit toepaslik is op die Unie, is die toppunt van optimisme. Die Unie word wel deeglik in sy buitelandse optrede gestrem deur sy samehang met die Britse Gemeenbes van State. Alleen binne hierdie kring is hy onafhanklik, en kan hy doen wat hy wil. Sodra hy buite hierdie kring wil optree word hy gebonde deur Britse (nie Unie) staatsreg met sy staatsregterlike beginsels van gemeenskaplike hulde en trou aan die gemeenskaplike Kroon, van gemeenskaplike Britse Burgerskap en van outonome Gemeenskappe binne die Britse Ryk, of soos Amery dit uitdruk: "What is it that we mean by Empire? There is that common citizenship, which is implied in the status of the British subject,—it is a living faith, a faith in something that can be done to raise the whole standard of man's life on this planet.... The British Empire is a true League of Nations.... and has its own deep-rooted traditions and compelling instincts.. *The Empire is one single body corporate of the King, united in loyalty to a common Crown,—underlying all our diversity, underlying our individual freedom, inherent in each of our constitutions, is that Common Crown, which is a symbol of all our loyalties, which by our loyalty to it, binds us to be loyal and helpful to each other, and*

which bodies in a single institution all the traditions and ideals of our associated peoples."

Uit hierdie aanhalings en uit die gehele gees van die Britse Statebond blyk dit duidelik dat Britse Ryk en Britse Gemenebes van State nie blote geografiese, dog suiwer staatsregterlike begrippe is, elk met sy eie betekenis.

Nathan sê in sy "British Empire": "On the question whether a selfgoverning Dominion is completely an international state, an opinion cannot readily be expressed. The probability is that in an *international sense it cannot be regarded apart from its membership of the British Commonwealth* saving its right as a member of the League of Nations." En self hierdie laaste geval maak nie 'n uitsondering nie. Hoewel elk van die Dominiëms sy afsonderlike verteenwoordiger op die Volkebond het, net soos die ander onafhanklike state, tog word die eenheid van die Britse Empire nie prysgegee nie. Artikel 21 van die Volkebond tog lui: "Nothing in this Covenant shall be deemed to affect the validity of national engagements, such as Treaties of Arbitration, or regional understandings like the Monroe-doctrine for securing the maintenance of peace."

Nie alleen die Monroe-leer, dog die leer van die Britse Ryk val onder hierdie uitsonderings-artikel. Geskille tussen lede van die Britse Gemenebes word daardeur onttrokke aan die jurisdiksie van die Volkebond en die Internasionale Hof van Arbitrasie in die Haag. Dit word hierdeur onder die Britse Staat en Britse Konstitusionele reg geplaas. Dit is 'n ander bewys dat die Dominiënm Outonomie wel 'n imperiale volkome soewereiniteit, dog nie as 'n internasionale onafhanklikheid beskou kan word nie. Dit volg ook uit die manier van stemme in die volkebond aangeleenthede wat die Britse Ryk as 'n geheel raak. A. B. Keith wys daarop: "In the rather unlikely event of the Dominion obtaining election to the Council of the League, it was presumed that the Dominions would not be regarded as a distinct separate entity for voting purposes if any occasion should arise in which the British Empire was involved in a dispute, and the matter failed to be decided by the unanimous vote of all the members of the Council."

Domieniale onafhanklikheid is dus nie dieselfde as die soewereine onafhanklikheid wat ons onder die Republieke geken het nie. Ook nie vir Engeland nie! Dog wat kan dit Groot-Brittanje eintlik skeel? Sy grootste ideaal is om die Britse Empire bymekaar te hou, waarin hy jare en jare op buitelandse gebied tog die hegenomie sal behou. Wat kom dit vir haar self, of die uitsluitend Britse Domieniums eintlik daar op aan of outonomie en internasionale onafhanklikheid dieselfde of afsonderlike begrippe is? Engeland kan dus met 'n geruste hart, en met 'n grootmoedige gebaar beperkings op haar eie onafhanklikheid voorstel. Vir die Unie met sy Hollandse Afrikaanse onderdane maak dit egter wel prinsipiële verskil. Engeland het ons dieselfde onafhanklikheid gegee as wat sy self het. Sy kon ons moeilik voor gestel het om ons iets anders toe te ken, waardeur sy haar eie keel sou afsny. Genl. Hertzog kon moeilik geweier het om die outonome onafhanklikheid te aanvaar, en laat ons eerlik wees, hy kon self moeilik op daardie stadium 'n ander vryheid gevra het. Dog dit alles verander die feit nie, in teendeel versterk die argument dat die uiteindelijke soewereine onafhanklikheid van die ou Artikel. en die soewereine onafhanklikheid van die nuwe Artikel (IV) nie staatsregterlik gelyke begrippe is nie. Die nuwe Artikel se onafhanklikheid word gekwalifiseer deur Britse Kroon, Britse Burgerskap en Britse Empire, die ou Artikel streef na 'n onge kondisioneerde internasionale onafhanklikheid, gekwalifiseer alleen deur internasionaal of volksreg. Die nuwe is tevrede met inter-domieniale onafhanklikheid en 'n internasionale alleen as lid van die Britse Ryk.

Die enigste logiese gevolgtrekking wat ons kan maak is dat ons teenswoordige soewereine domieniale onafhanklikheid sinoniem is aan die volkome gelyke onafhanklikheid met Engeland uitgedruk in die eerste gedeelte van die ou Artikel: en dat die volkome soewereine onafhanklikheid van die tweede gedeelte van die ou Artikel niks anders kan bedoel as 'n vryheid afgeskei van die Britse Gemenebes van State. Of wil u 'n meer plastiese en historiese beeld? Koloniale selfregering was die bobbejaan met die ketting aan die paal gebind. Genl. Smuts se verhoogde status was

die bobbejaan bo aan die paal maar nog aan 'n ketting vas. Genl. Hertzog se soewereine onafhanklikheid (dus die vryheid van die nuwe Artikel (IV), is die bobbejaan los van die paal en ketting, vry rondlopend op 'n eiland—dog op 'n eiland. Die uiteindelijke soewereine onafhanklikheid van die ou artikel, van die strewe van die Nasionale rigting, is die bobbejaan nie alleen los van ketting en paal, dog ook vry om hom onbelemmerd buitekant die eiland te beweeg.

HOOFSTUK IV.

BESWARE VAN ALGEMENE AARD TEEN DIE NUWE ARTIEKEL IV MET SY AAN- HANGSELS.

Voor ons egter daartoe oorgaan om Dominiale Outonomie in die lig van Nasionalisme te skou is daar 'n paar besware van algemene aard teen die nuwe Art. IV. Die eerste is meer 'n tegniese. Dit is die metode wat gevolg is om hierdie mees fundamentele artikel in die Beginselprogram van die Nasionale Party, te baseer op 'n instelling met 'n aard soos die van die Rykskonferensie. Die basis van die Nuwe Art. (IV) staan op losse skroewe. Die Rykskonferensie besit self nie 'n hoë of wetlike status nie. . . . "This Imperial Conference in any event, had no statutory powers, and it had no place in the constitutions of Great Britain, and the self governing Dominions. In the strictest sense its resolutions were not binding." (Nathan: 'Empire Government'). Wil die Rykskonferensie-besluite enige waarde hê dan moet hulle eers deur die onderskeidelike Parlemente van die Britse Gemenebes van State bekragtig word. In elk geval bly dit 'n wisselvallige fondament vir 'n program van beginsels.

My tweede beswaar is meer van prinsipiële aard. Die Nasionale Party was nog altyd daarteen om die mag en aansien van Imperiale Rykskonferensies te verhoog. Ernstig kan gevra word wat die gevolg, die strekking en opvoedende krag van hierdie daad van die Nasionale Party

sal wees om die Rykskonferensie as outoriteit, as basis te neem. Help hulle nie om die droom van Joseph Chamberlain te verwesenlik: "That there should be established a real Council of the Empire to which all questions of Imperial interest might be referred?" Is dit nie die begin van 'n wig, waarvan die nadelige gevolge nie vooraf te bereken is nie?

My derde beswaar is dat die Nasionale Party één van hulle hoofbeginsels baseer op 'n staatsstuk, wat deur geen twee outoriteite op staatsreg eensluidend verklaar word nie. Hierdie beswaar kan maar net gedeeltelik ondervang word as die Nas. Party skerp en duidelik formuleer watter betekenis hy aan die Rykskonferensieverklaring heg. Hiervoor is 'n paar aansprake van die leiers van die Nasionale Party nie voldoende nie. Dit moet in die Konstitusie self opgeneem word. Hoe sal anders die nageslag handelende ooreenkomstig die Konstitusie, ideale kan nastreef, wat in die Nas. Party miskien leef, dog nie deur die Konstitusie ge-endosseer, en daardeur as lewensgewigtig verklaar is geword.

Die hoofbeswaar bly egter bestaan. Dit is: die Rykskonferensie-besluite is 'n internasionale staatsstuk geword deurdat Austin Chamberlain die inhoud op die Volkebonds-vergadering meege-deel het. By enige verskil oor die betekenis van die Rykskonferensieverklaring sal die opinies van die leiers van die Nasionale Party nie die enigste bewysmateriaal wees nie.

Kom daar 'n verskil oor ons status voor die Internasionale Hof van Arbitrasie (mits dit ahangig verklaar word) of anders voor Britse skeidsregters, dan kan die sienswyse van die Nasionale Party, of self van die Nas. Regering wel baie invloed uitoefen. Ander Britse of buitelandse outoriteite op staats- en volkereg sal egter net so goed na geluister word en sal net soveel gewig in die skaal lê. Dog nie alleen by geskille nie, selfs vandag luister die moondhede nie alleen na verklarings van die Nasionale Party of Nasionale Regering nie dog van die hele Britse Empire en vorm hulle sienswyse oor die karakter van ons status uit die opinie van die een sowel as die ander.

Ons kan tot geen ander konklusie kom nie as

dat die Nasionale Party deur sy aanneming van die nuwe Art. 4 hom bereid verklaar om die Unie te bind aan ko-operatiewe Imperialisme. Dit is die betekenis van die handhawing van die Rykskonferensie-status. 'n Onafhanklikheid waaronder ons nie die reg het om af te skei, neutraal te bly, of 'n republikeinse regeringsvorm in te stel. 'n Vryheid wat beperk word deur "within the British Empire and a common allegiance to the Crown."

Die aanvaarding van hierdie beginsel is op sy sags genome 'n belemmering vir die ontwikkeling van ons buitelandse betrekkings ooreenkomstig die volkswil. Of koester die Nasionale Party nie meer die ou ideale nie? Is afskeiding, republikanisme vir goed as antikwiteit, 'n anakronisme op die solder vir ou rommel weggesmyt? In die grond van die saak kom die heelhartige aanvaarding van die Rykskonferensie-besluit daarop neer.

BYVOEGSELS BY DIE NUWE ARTIEKEL

Dog sal kan gevra word: verander die toevoeging van die Byvoegsel nie die gehele karakter van die saak nie?

Die Transvaalse en Natalse konstitusie het glad nie 'n Byvoegsel nie, dus hul standpunt word heeltemal bepaal deur die nuwe Artikel.

Die Kaapse Nas. Kongres het 'n verklaring nie in die konstitusie, maar net in die notule opgeneem, wat sy gesag vir die toekoms baie verminder. Dit lees: „die Kommissie beskou die voorstel van die Federale Raad omtrent Artikel (IV) so alomvattend, dat enige algemene byvoeging daarby, die saak van soewereine onafhanklikheid nie verder kan bring nie en enige byvoeging van besondere aard eerder bereken sal wees om daaraan afbreuk te doen. Die bewoording van die Federale Raad stel te boek soewereine onafhanklikheid met alles wat internasionaal en andersins daarin begrepe is, en lê die Unie in geen opsig aan bande wat sy toekoms betref."

As daar nie 'n nuwe Artikel (IV) was, sou hierdie verklaring seker op hom self duidelike taal wees, dan tog sou hierdie soewereine onafhanklikheid 'n algemene wees, wie se karakter alleen bepaal word deur die konsiensie van die volk.

So as dit nou is met die nuwe artikel as ondergrond bepaal hierdie Byvoegsel nie die karakter van die onafhanklikheid in die voorafgaande artikel, dog word die aard van die soewereine onafhanklikheid van die Byvoegsel daarenteen, juis gekwalifiseer deur die van die nuwe Artikel

Daardeur is die onafhanklikheid van die nuwe Artikel (IV) sowel as van sy Aanhangsel dié domieniale outonomie soos dit in die Rykskonferensie-besluite omskryf is:

Hoe is dit met die Vrystaatse Byvoegsel?

Die Vrystaatse Nasionale Party het hom op die bors geklop vir die kordaatstuk wat hy gedaan het om die ou Byvoegsel by die nuwe artikel te hou. Hierdie Byvoegsel lê die reg van afskeiding, van selfbeskikking, van republikeinse propaganda, en die reg van demokrasie deur die handhawing van die volkswil, vas. Hier word dus die ou beginsel van die Nasionale Party skynbaar gehandhaaf, en word daar nie 'n nuwe koers ingeslaan nie. Oppervlakkig beskou skyn daar baie waar in te sit. Dog is dit so?

In die 1e plek geld hier dieselfde beswaar teen die Aanhangsel van die Kaapse Artikel (IV.) Jou bysaak kan jou hoofsaak nie domineer nie. Die karakter van 'n hoofartikel moet nie in die lig van sy byvoegsel verklaar word nie, dog omgekeer die byvoegsel word in die lig van sy hoofartikel gelees. As daar enige verskil in beginsels is, gee die hoofartikel die deurslag. Dit is juis die geval hier.

Die hoofartikel aanvaar 'n bepaalde onafhanklikheid soos in die definisie van die Dominiëms opgeslote is. 'n Status dus wat dieselfde regte in die byvoegsel genoem as negatiewe begrippe beskou.

Genl. Hertzog het self hiermee ingestem toe hy op die kongres verklaar het, dat hy nie teen die behoue van die byvoegsel is nie, dog dat hy die byvoegsel tog as 'n relik? 'dit is 'n aktiwiteit', 'n anakronisme beskou—en geheel tereg ook. Die Kongres self was hierdie gevoele toegedaan. Toe daar by die Kongres aangedring is om dan tenminste hierdie regte in die byvoegsel opgesom, wat met die oog op die voorafgaande artikel, niks anders as negatiewe groothede is, positief te

maak deur dit as ideale van die Nasionale Party te bestempel. Watter standpunt het die Kongres toe ingeneem? Wat was die houding van die Kongres toe tenopsigte van die volgende amendement wat daaraan uitdrukking gegee het? „Die Nasionale Kongres besluit om op die end van die nuwe Artikel by te voeg: Dog erken die regte van afskeiding, neutraliteit, en republikeinse regeringsvorm en beskou hierdie regte as ideale van die Nasionale Party.” Die Kongres het dit byna eenparig verwerp. Toe die Kongres-lede dus geforseer geword is om kleur te beken, het hulle moed hulle verlaat, en was hulle tevrede met denkbeeldige negatiewe regte inplaas van positiewe, werklike ideale. Hulle het gegaan om brode te kry, en is met stene terug gekom.

Solang as die nuwe Artikel (IV) so bly staan, gebaseer op die Rykskonferensie-verklaring is die byvoegsel van die Vrystaatse Nas. Party-konstitusie niks anders as 'n doekie vir die bloeiing, 'n vlag op 'n modderskuit, 'n vaandel op 'n ashoop, en 'n standbeeld sonder 'n voetstuk, 'n Contradictio in terminis en 'n reductio ad absurdum.

Daar is 'n gevoel uitgespreek asof kritiek op ons onafhanklikheid as dryfveer 'n verlange het om ons Status te verkleineer. Op die Empire League met sy Koloniale kompleks, vir wie die Unie al reeds te groot onafhanklikheid besit, is dit miskien van toepassing. Vir ons is niks minder waar nie! Dit is ons alleen om die waarheid te doen. Ons wil alleen bo enige misverstand uitmaak of ons met klaar goud te doen het, en nie inplaas van die egte artikel met die surrogaat afgeskeep is en word nie.

Groot Brittanje, Amerika, die Volkebond, hulle alger erken hierdie status as 'n soort onafhanklikheid. Ons aanvaar dit ook met groot dankbaarheid, alleen ons is nog nie so oortuig nie dat dit die beste en hoogste onafhanklikheid is waaronder die Hollands-Afrikaanse-nasie-wording op die doelmatigste wyse hom kan vervolmaak. Ons ontken gladnie dat ons onafhanklik is nie. Ons vra alleen of daar nie 'n beter en meer by ons volksaard aanpassende vryheid is, dan hierdie Dominionale Outonomie nie. Is dit nie alleen prakties maar ook teoreties 'n end of 'n tussenstasie? Ons

ontken die feit nie dat ons Domieniale Onafhanklikheid wêreldkundig gemaak is, en die wêreld daarvan nota geneem het nie, dog ons beskou hierdie soewereine onafhanklikheid op homself alleen fungerend binne die Britse Gemenebes van State, en daarbuite alleen deur die Empire en Kroon.

OUTOSUGGESTIE VAN DIE NAS. PARTY

As ons oortuig was dat die taktiek van die Nasionale Party die gewenste resultaat sal hê, sou ons ons nog daarmee kon versoen. Wel gee die outosuggestie-metode van Coué indiwidueel, veral by seneweessiekes toegepas, soms merkwaardige resultate. Of die internasionale suggestie metode ook resultaat sal hê, sal hierdie interessante eksperiment van die Nas. Regering nog moet leer. Ons twyfel egter of hulle die Britse Ryk dood sal kan suggereer, want daarop kom dit feitlik neer. Voor as nog, geloof ons meer aan die direkte metode van daadwerklike optrede, en die skerpe omskrywing van jou ideale.

Ons het ons tot nou toe met die strominge in die Nasionale Party besig gehou, en ondersoek of Dominium-Outonomie voldoen aan die ideale deur die Nas. Party in die verlede nagestreef. Die Nasionale Party, soos alle politieke partye, is egter iets onbestendigs. Daar is vir hulle 'n tyd om te kom, en 'n tyd om weer van die politieke toneel te verdwyn. Om die rede behoort ons, ons regtig nie so warm te maak oor wat die offisiële sienswyse van die Nas. Party oor die Status-kwessie is nie. In ons volkslewe is daar egter 'n bestendiger element aanwesig, wat die grondslag van die Nasionale Party gevorm het, en as dusdanig baie gewigtiger as die Party self is. Daarom kom dit vir ons veel meer daarop aan, om te vra of die soewereine onafhanklikheid van die 1926 Rykskonferensie hierdie fondament bevredig, as om te ondersoek of die Nasionale Party daarmee tevrede is.

Hierdie bestendige bestanddeel, hierdie fundamentele grondslag is Nasionalisme.

HOOFSTUK V.

ONS TEENSWOORDIGE OUTONOMIE BESKOU UIT DIE STANDPUNT VAN NASIONALISME.

Wat is Nasionalisme? Nasionalisme is 'n filosofies-staatkundige stelsel en vorm as dusdanig nie alleen die grondslag van 'n politieke, maar, ook van 'n sosiaal-ekonomies-kulturele sisteem. Sy diepere wese en dryfkrag is die natuurlike lewensdrang en behoudsdrang van 'n nasie. Nasionalisme beteken dus die handhawing en die ontwikkeling van die taal, sedes en gewoontes, van al die eienaardige karaktertrekke wat 'n groep van persone tot die spesifieke nasie-indiwidue skep, wat hulle as 'n geheel verskillend van enig ander groep maak. Nasionalisme moet dus ooreenkomstig sy aard in geestelike verbintenisse met die voorgeslag staan en dus gebaseer wees op die geskiedenis. As President Kruger sê: „Neem uit die verlede van 'n volk wat goed is, en bou daaruit sy toekoms op,” dan druk hy die kerngedagte van Nasionalisme uit. Nasionalisme is die krag waardeur die verskillende nasies hulle afsonderlike karakters bewaar, en is as dusdanig, 'n gesonde impuls vir die nasie-lewe. As normale verskynsel uit Nasionalisme hom in 'n vreedsame ontwikkelingsproses. Sy karakter is dus nie strydsgtig nie. Soos Ramsay MacDonald dit uitgedruk het: „Nasionalisme is nie aggressief nie, dit is selfeerbiediging, en hulle wat hulle eie aard die meeste eer, is die beste instaat om die van die ander te eerbiedig.”

Eers wanneer die natuurlike lewensontploffing van die volkssiel, die ontwikkeling van sy eie ek belemmer word, gaan die handhawende nasionalisme in 'n strydende oor as 'n reaksie teen die remmende invloed. Hierdie belemmerende kragte is as reël die Staat, of 'n gedeelte van die inwoners van daardie Staat, of altwee faktore. Wanneer sal hierdie stryd tussen die één nasie of ras in 'n Staat teen die ander één, of 'n stryd van 'n gedeelte van die volk teenoor die Staat self plaasvind? Dit sal gebeur as die Staat self nie gegroei is uit, en onderworpe is aan die eie

natuur van daardie nasie of van die deel van daardie volk. (Van Schelhoeve „Vorm in het wesenlijke nasionalisme” in „Die Dietse Gedagte.”)

Dit is die grondbeginsel van algemene nasionalisme, wat 'n wêreldverskynsel is. As strydende Nasionalisme tree dit as 'n reaksie-proses orals op waar daar 'n oorheersende en verdrukte nasie in 'n Staat woon. In die laaste jaar het hierdie verskynsel kragtiger herleef as ooit tevore. Veral na die oorlog het die Vrede van Versailles waaronder tal van nasies soos Finland, Pole, Sjecho-Slowakye ens. die kans gekry het om deur die toepassing van selfbeskikkingsreg hulle ou nasionalistiese ideale te verwesenlik, 'n kragtige stoot daaraan gegee. Selfs in lande soos Skotland en Wallis waar Nasionalisme die laaste honderd jaar geslaap het, begin daar lewe in die doodsbeendere te kom. Nasionalisme was altyd so onverwoesbaar as die hardste ysterklip. Joods-Nasionalisme trotseer alle afbrekende invloed vir die laaste paar duisend jaar. In Frans Vlaandere duur die stryd al 'n 700 jaar, en ook in Ierland eeue. In België en S.A. beur dit vir die laaste 100 jaar stadig maar seker vorentoe.—Ja ook in Suidafrika!

Sodra ons met 'n bepaalde land te doen het, dan kom ons van Algemene tot Spesifieke Nasionalisme, want elke land het sy eie bepaalde nasionalisme. Dit is die uitdrukking van die volksiel van daardie bepaalde nasie, in daardie bepaalde staat. So het ons ook 'n spesifieke strydende Suidafrikaanse nasionalisme. Wat is dit? Dit is die uitdrukking van die lewens- en behoudsdrang van die gedeelte van die Suidafrikaanse nasie wat nie langs die natuurlike en die normale weg daaraan uiting kan gee nie. Hierdie strydende nasionalisme sal hom alleen beperk tot die Hollandse gedeelte van die Suidafrikaanse volk. Die Britse gedeelte tog het in Suidafrika, soos ons nog later sal bewys, alle fasiliteite om sy Britse Suidafrikaanse nasionalisme langs die natuurlike weg van staats- en nasie-beskerming te handhaaf en verder ontwikkel. Die Hollandse Afrikaner egter nie. Sy nasionalisme sal hom dus binne die Unie-staat kristalliseer as 'n spesifieke staats-, volks- en lewensbeskouing, waarvan die kern sal wees: die verwesenliking van ons Hollands-Afrikaanse volksideale en die skepping van

'n eie Suidafrikaanse volksmotief. Dit sal hom dus ten doel stel om 'n spesifieke Suidafrikaanse volkssiel en karakter, wat hom uit in ons taal, sedes en gewoontes, in ons kuns en wetenskap, in ons kultuur en in al die persoonlike, en eiendommikhede wat 'n nasie tot 'n afsonderlike nasie stempel, handhaaf en verder ontwikkel. Sy ideaal sal dus wees om die geestelike persoonlikheid van ons volk te bestendig ooreenkomstig paaie uitgebaken deur ons volksgeskiedenis en die traditiesies van ons voorouers.

Sover as dit die staat met sy departementele instellings betref sal dit daarna streef om hulle so te wysig, dat hulle die bestaans- en ontwikkelingsmoontlikhede van hierdie ideale waarborg, en die nodige fasiliteite vir hulle verwesenlikingskep.

Vir die Unie beteken dit 'n waarborg en bevordering deur die Unie-Regering van die ideale van die Hollandse Afrikaners met alle voorsorge vir die nodige inagneming van die ideale van die Engelse Afrikaners.

Die Hollandse Afrikaner is en was die element van die Unie bevolking wat gedurende die laaste honderd jaar nie in sy volle omvang uitdrukking kon gee aan sy nasie-siel nie, omdat die staatsinrigting van Suidafrika deur sy aard hierdie ideale nie simpatiek gesind was nie. Suidafrikaanse nasionalisme sal hom afvra of daar 'n dergelike verandering in hierdie staatsinrigting gekom het waardeur hulle inplaas van 'n belemmering soos in die verlede, nou die daadwerklike hulp geword het in die verkryging van die ideale nie alleen van één gedeelte, dog van altwee die hoofnasies waaruit die Suidafrikaanse volk gevorm word.

Suidafrikaanse Nasionalisme sal dus ondersoek in hoeverre ons teenswoordige staatsbetrekkings binne- sowel as buitelands aan hierdie eise van nasionalisme voldoen. Hy vra hom dus nie meer af of die Nas. Party die beste party is om sy ideale op staatkundige terrein te bepleit nie, dog begeef hom op die breër terrein van die staatkundige verhoudings self.

En dan vra ons deur watter grondbeginsels word Suidafrikaanse Nasionalisme geken? Is dit nie deur die trias van Kristelikheid, Demokrasie,

en die ontplooiing van die Hollands-Afrikaanse nasie-siel in absolute gelykheid met enig ander nasie van die Suidafrikaanse volk? 'n Staatsinrigting, 'n staatsvorm of 'n politieke party wat nie die geleentheid waarborg, waaronder hierdie beginsels tot hulle volle wasdom kan kom nie is reeds daardeur vantevore geweeg en te lig bevind.

Die vraagstuk hier is of Dominiale Outonomie voldoen aan hierdie eise? Kan die Dominium-Status in sy verhouding tot ons staatsinrigtings hierdie vuurproef deurstaan?

Die trias van grondbeginsels van nasionalisme uit hom op staatkundige gebied as 'n Kristelike Nasionaal-Demokratiese Staatsleer. Dit was die grondgedagtes van ons volk op staatkundige gebied vanaf sy eerste insepsie. Hierdie beginsel is in ons ingeplant van die tyd toe Adam Tas opgekom het vir die regte en vryhede van die burgers. Dit was die dryfkrag gewees van die Voortrekkers in die Groot Trek. Op daardie beginsels is die Republieke te Swellendam en Graaff-Reinet deur die Koloniste, van Vryheid en Natal, van Oranje Vrystaat en Transvaal deur die Voortrekkers gegrond gewees. Dit sit in ons murg en bloed! Dit is deur die Voortrekkers en ons Grootvaders aan ons oorgehandig as 'n heilige kleinood, as 'n pèrel van groot waarde, as 'n eersgeboortefenis om onbevlek bewaar te word.

Voorwaar alleen in buitengewone omstandighede sal ons die reg hê om afstand te doen van hierdie diepste beginsel van ons volkskarakter. Alleen dan sal dit geregverdig wees as ons iets anders van dieselfde waarde daarvoor in ruil kry. Is dominiële outonomie iets van gelyke waarde? Dit is wat ons nou sal ondersoek. Ons sal dit in die eerste plek toets aan ons demokratiese beginsels.

DOMINIALE OUTONOMIE GETOETS AAN ONS DEMOKRATIESE BEGINSELS.

Demokratiese Staatsleer. Daar was nie één afgevaardigde op die Nas. Party Kongresse laaste jaar wat nie met luide stem verkondig het dat hy 'n aanhanger en bewonderaar van die Republikeinse Regeringsvorm is nie.

Alger was eenstemmig dat 95 persent van die

lede van die Nas. Party Republikeine is. Self genl. Hertzog het op Hoopstad verklaar: „Ek het daar nooit 'n geheim van gemaak nie dat dit vir ons, 'n jong volk in 'n nuwe land, ver van Europa geleë en vreemd aan monargale gebruike en tradities, die Republikeinse Regeringsvorm te verkies is bo die van 'n koninkryk.” Dog, het genl. Hertzog verder gesê, dat die Nasionale Party nog nooit 'n Republikeinse Party gewees het nie en dit ook nooit kan word nie. Ons wil nie hier in 'n twisgesprek verval nie oor die kwessie of die Nas. Party 'n Repub. Party was nie; maar dit staan vas, dat ons Hollandse Afrikaanse volk altyd 'n Republikeinse nasie was en nog is. Dit volg nie alleen uit die aanspraak van genl. Hertzog op Hoopstad nie, dog ook die Roos-Poutsma Republikeinse manifest. Dit blyk uit die Vryheids-deputasie van 1919. Dit word bewys uit die aanspraak op die Gesamentlike Kongres van die Nasionale Party in Suidafrika, waarop die Vryheidsdeputasie gekies is. 'n Kongres waarvan genl. Hertzog gesê het: „Die mees belangrike Kongres in die geskiedenis van die party, en die mees gewigtigste en ernstigste Nasionale Kongres nog ooit in die vier hoeke van Suidafrika gehou.”

Dr. Malan het gesê: „Ons heiligste plig is om naar 'n Republiek te streef. . . . dat as ons Suidafrika voorspoedig en gelukkig wens te sien, ons 'n Verenigde Republiek moet kry.”

Mnr. A. Spies, voorsitter van die Nas. Party, Natal: „Ons verlang na 'n Republiek, Natal was teen die wil van 'n groot getal van sy inwoners geannekseer geword. Ons verlang onafhanklikheid, die enigste moontlike reg om die Hollandse Afrikaners te beskerm.”

As hierdie aanhalings nie 'n bewys is dat die Nasionale Party 'n Republikeinse Party was nie, dan is dit in elk geval 'n bewys, dat 90 persent van sy lede aktiewe Republikeine was, en dus ook die Hollandssprekende volk van Suidafrika waarvan hulle die gevoelens verteenwoordig het. Dit blyk ook uit die besluite op hierdie gesamentlike kongres geneem, en wat dus die konsensus van die algemene opinie uitdruk.

Artikel 2) „Die ondervinding veral van die laaste jare het in die hart van die Afrikaners die oortuiging verwek, dat die besware teen die

teenswoordige Regeringstelsel in Suidafrika meer prakties zijn, en meer bijdragen om de vrede en het geluk van Zuid-Afrika te storen dan voorheen begrepen werd."

Dit blyk uit die verklaring van die Federale Raad, 1920: „Dat dit 'n verdraaiing van die waarheid is, dat die Nas. Party streef na 'n Hollandse of Rasse Republiek. Ons leiers het herhaaldelik duidelik gemaak dat albei seksies gelyk-regtig sal wees."—Dus: geen Hollandse of Raserepubliek, maar dan tog wel 'n Republiek? Sommige sal dit as 'n bewys neem dat die Nasionale Party 'n Republikeinse Party was, in elk geval blyk dit dat in daardie tyd die republikeinse propaganda erns was.

Voorwaar selfs stemme uit die boesem van die Nasionale Party kan as getuie opgeroep word om te bewys dat 'n Republikeinse Regeringsvorm die grondverlange van ons Hollands Afrikaanse volk in ooreenstemming met die Nasionaal-Demokratiese Staatsleer was en is.

Konstitusionele Monargie. En wat leer ons uit die 1926 Rykskonferensie? Ons het 'n soewereine onafhanklikheid gekry onafskeidelik verbonde en gebaseer op die Britse Monargale Regeringsvorm. 'n Monargie onderworpe aan die konstitusionele reg van Groot-Brittanje. Is 'n Konstitusionele Monargie, selfs so'n gematigde as die Britse, dieselfde as 'n Republikeinse Regeringsvorm? Die Nasionale Party besluit om hierdie Monargale Regeringsvorm te handhaaf. Dit is die logiese uitdrukking van die nuwe Artikel IV. Voldoen dit daarmee aan die eise van Nasionalisme op hierdie terrein?

Die Nasionale Party was miskien nie 'n Republikeinse Party nie; maar was dit ooit 'n Monargale Party? Waarom dan van die Nas. Party 'n Monargale Party gemaak? Die uitdruklike verklaring van die nuwe Artikel IV om die Rykskonferensie definiesie van ons Status te aanvaar, bewys dit. Vanwaar die groot liefde vir 'n koningskap?

Maar wat van die behoud van die byvoegsel, daarin word tog elke individuele lid van die Party vrygelaat om Republikeinse propaganda te maak? Op die ware betekenis van die Byvoegsel in hierdie verband het ek reeds gewys. Deur die

aanvaarding van die Konstitusionele Monargie, word die reg om die Regeringsvorm te verander 'n negatiewe ideaal in die Party self. En 'n negatiewe ideaal kan nooit tot 'n positiewe daad aanleiding gee nie. Dit word terug gedring na 'n ondergeskikte plaas in die Party Konstitusie en dus in die party se strewe. Hier is dit juis waar Nasionalisme verskil met die strewe van die Nas. Party, en as ooit die Voortrekkers-ideaal van 'n vrye Suidafrikaanse Republiek verwesenlik word, sal dit nie geskied deur die abstrakte regsbegrip en negatiewe ideaal van die Nasionale Party nie, maar deur die positiewe regsbesef en daadwerklike idealisme van Nasionalisme. 'n Republikeinse stertjie aan 'n monargale liggaam aangeplak, sal nie in staat wees om rigting aan daardie liggaam te gee nie. Natal, Transvaal en die Kaap mis selfs daardie stertjie. Die grootmoedigheid van die Nas. Party om sy lede nie uit die Party te verban as hulle republikeinse propaganda maak, help nasionalisme nie baie vooruit nie. Dit verlaag die republikeinse ideaal tot dieselfde kategorie as plaaslike keuse, die kwessie van algemene gelyktydige skaapdip en soveel honderde ander kwessies waarvoor die lede in die Nasionale Party reg het om propaganda te maak.

Dog al beklee Republikanisme 'n agteraf plaas in die Nas. Party konstitusie en heeltemal geen plek in sy program van aksie nie, dit is en sal altyd die ereplaas beklee in Suidafrikaanse Nasionalisme. Daarom, afgesien van die feit, dat die Rykskonferensie-verklaring vir meer as een interpretasie vatbaar is; selfs al word toegegee dat Amery, Keith, Baldwin, genl. Smuts, Bruce, Balfour ens. verkeerd is, en die Nasionale Party alleen reg is; selfs al is dus Dominiale Outonomie dieselfde as Soewereine Onafhanklikheid, selfs dan nog sal die aanvaarding en die handhawing van die Rykskonferensie-verklaring teenstrydig wees met die diepste beginsels van Nasionalisme—omdat 'n konstitusionele monargie nooit 'n vervulling kan wees van die Nasionaal-Demokratiese aspirasies van 'n Republikeinse ideaal nie. Ver al nie 'n *Britse* Konstitusionele Monargie; 'n Britse met sy Britse Kroon en Britse burgerskap, met sy Britse Empire en Britse Statebond. Dit alles vorm 'n belemmering van die volle ontplooi-

ing van die Hollands Afrikaanse nasie-siel. En hierdie belemmering verklaar die Nasionale Party te wil handhaaf. Die kloof tussen die Britse Konstitusionele Monargale Staatsleer en die Kristelik-Nasionaal-Demokratiese staatsleer, soos die laaste gekoester en geëer is deur die Voortrekkers, soos dit leef in die diepste van die ou Republikeine, soos dit gewortel is in ons volksaard, en gegroei uit ons geskiedenis, hierdie kloof tussen die twee kan nie deur outosuggestie van die Nas. Party oorbrug word nie. Die Britse monargie en die Suidafrikaanse Republikeinisme staan soos water en vuur teenoormekaar.

Of is dit 'n demokratiese beginsel om so 'n ouereool van mag en praal te vleg oor die slape van één persoon, of om hom as 'n half-afgod te vereer, soos met die koning geskied? Kalvyn het in sy "Institutio" ook daarop gewys dat 'n republikeinse regeringsvorm, vir 'n demokratiese land (en Suidafrika is een) die beste is.

2) Of is dit 'n demokratiese beginsel om die hoogste gesag oorerflik te maak met die gevaar dat 'n erflike belaste, intellektuele of morele idioot aan die hoof van state te staan kom? Soos in die geskiedenis van die koningskap meer as één voorbeeld aan te hale is?

3) Of is dit ooreenkomstig Suidafrikaanse Demokrasie om die opvolging van jou hoogste gesag te laat reël deur suksessiewette van 'n vreemde staat, en waaroor jou eie grondwet en Parlement niks te sê het nie? Nathan: "As before stated, the succession of the Crown in relationship to the Dominions, depend upon English Statutes and cannot be affected by Dominion legislation."

4) Of is dit 'n demokratiese beginsel om geregeer te word deur proksie of om getroud te wees met die handskoene, sonder enige hoop om die bruid ooit te sien, soos die Unie op die oomblik met die Goewerneur-Generaal? Was dit nie juis die trots van ons demokratiese regeringsvorm ge-wees, om jou eie President te kies, en deur hom persoonlik ge-inspireer te word nie?

5) Of het die Presidents-mantel op die Eerste Minister as die direkte hoogste verteenwoordiger van sy volk, geval? Van die Volk miskien wel, van die Staat egter nie. As hy dit ook van die

staat was, dan sou die koning niks anders as 'n waspop, 'n 'Jack in the box' wees, wat net elke keer uitspring om ja te knik; 'n kaartmannetjie wat heen en weer beweeg al na die lyntjie waaraan dit getrek word. Dit is egter geheel en al onjuis. Die koning in die Britse konstitusionele monargale regeringsvorm beklee wel deeglik 'n werklike mag. Die kroon, die spil van die Britse Ryk, is 'n lewende, wesenlike, samebindende persoonlikheid. Dit vorm 'n onsigbare organisme, wat met ystere morele bande die eerste ministers dwing in groot trekke die sienswyse of veronderstelde sienswyse van die koning te voorvoel en uit te voer.

6) Of is dit miskien ooreenstemmend met die Demokratiese Staatsleer van Nasionalisme om aan één persoon soveel privilegies toe te ken as wat opgeslote is in die prerogatiwe van die Kroon? Prerogatiwe wat onder andere insluit 'n toelae van £400,000 per jaar uit die skatkis, (al dra ons net £10,000 in die vorm van die G.G. se salaris by, dit verander niks aan die beginsel nie) —die veto-reg; die reg om alleen eerbewyse uit te reik; die opperbevel oor ons leër en vloot ens.?

Dit is nie genoeg om ons te beroep op die beginsel dat in 'n Konstitusionele Monargie die koning alleen op advies van sy Eerste Minister handel.

Ons het vroeër op die staatsregtelike betekenis van hierdie sogenaamde koninklike onderdanigheid gewys. Toe het ons gesien dat as ons dit in sy regte perspektief beskou, dit net skynbaar is. Al die magte, gewoontes kan by die Britse volksgees pas, dog wat Suidafrika betref pas 'n monargie net so min by ons volksaard as die poppehuis vertoning by die opening van ons Parlement. Waarom word dan met so 'n liefde en bewondering opgesien na die Monargale Regeringsvorm? Waarom van die Nasionale Party 'n Monargale Party gemaak? Waarom so bang vir Republikeinse propaganda, en vir 'n Republikeinse Regeringsvorm wat soveel beter by ons volksaard, tradisie en gewoontes aansluit?

REPUBLIEK OF NIE?

Genl. Hertzog het sy besware teen die opneming van republikanisme in 'n program van aksie van die Nasionale Party aldus geformuleer: „In die eerste plek gaan so'n stap weer 'n onmiddelijke ondergang van die Nas. Party. Dog dit sal nie die ergste wees nie....„Vir Hollandssprekende Afrika gaan dit niks minder beteken nie as 'n verdoeming tot onmag en betekeloosheid vir die toekoms....” Die pas gestigte, veragte Nas. Party van 1915 staan vandag aan die hoof van die Regering deur sy regeerders van 1915 verklaarde onvrye, onderhorige volk”.... „Dog ek kan nie toegee dat hierdie oortuiging (Republikeinse) my sou regverdig om die welvaart en geluk van my volk te laat vertrap nie deur te dweep met 'n Republiek of met 'n Republikeinse Regeringsvorm....”

As tweede rede het hy aangevoer dat soewereine onafhanklikheid soos die Unie dit nou besit teoreties alles insluit wat die Hollandse-Afrikaanse volk op vryheidsgebied maar kan verlang; en op praktiesgebied doen die Nas. Party-Regering alles wat op die oomblik raadsaam is, en in die belang van die land gedaan kan word, om die onafhanklikheid toe te pas. As ek hierdie sienswyse juis vertolk dan staat die saak as volg: Sodra die Nasionale Party hom vir 'n Republikeinse Regeringsvorm verklaar, gaan die Monargiste in die Party hulle afskei, die Party gaan daardeur verdeel en verswak word. Dit nie alleen nie. Die Arbeiders wat die Pakt ondersteun, wat soos ons weet byna alger Imperialiste is, sal nie meer verder wil saamwerk nie. By die totstandkom van die Pakt was die afspraak immers tog dat die Nasionale Party nie Republikanisme of Afskeiding openlik sou verkondig nie, terwyl die Arbeiders nie te hard oor sosialisme sou praat nie. Die gevolg van Republikanisme sou dus wees dat by 'n algemene verkiesing die Pakt 'n neerlaag kon ly en gevolglik die Suidafrikaanse Party weer aan die bewind kom. So'n handeling sou destemmer onsin wees, omdat ons reeds volkome onafhanklikheid besit.

Op hierdie redenasie sal ons later breedvoerig terugkom. Hier wil ons alleen aanstip, dat

die diepere grond van hierdie opvatting draai om afskeiding of nie afskeiding van die Britse Ryk. By die onderwerping van ons status aan die toets van die derde grondbeginsel van Nasionalisme: Suidafrika eerste in sy breër sowel as sy meer beperkte sin, sal die juistheid hiervan duidelik word.

TOEGEPASTE NASIONALISME.

Met Suidafrika eerste in sy breër sin, beoel ons dit in betrekking tot sy buitelandse of internasionale verhoudings.

Suidafrika eerste! Strydleuse van genl. Hertzog! Voldoen Dominium-status met sy Britse Gemenebes van State daaraan? Is ons deur dit te wil handhaaf nie onder dieselfde bekoring gekom as genl. Smuts: „Ons is 'n Moondheid, wat oor die hele wêreld uitstrek.” En is op buitelandse gebied so baie voordele daaraan verbonde? Die Unie het nie buitelandse moeilikhede nie.

Ons leef in vrede en harmonie met ons bure. Die swarte kolossus van Midde-Afrika lewer baie minder gevaar as die swarte broeder in Suidafrika self. Midde-Afrika met sy onuitputlike ekonomiese moontlikhede sal altyd baie meer voordeel en aantrekkingskrag vir hom hê, as Suidafrika. En selfs al sou daar gevaar bestaan, dan nog sal die hulp wat ons in so 'n konflik van die ander Britse lede van die Gemenebes van State kry baie problematies wees. Meer problematies as die hulp wat ons in geval van 'n oorlog van die Empire weer sal moet gee. Veral Engeland met sy Europese traktate, met sy wêreld-bemoeiings en inmenging in ander man se sake is 'n voortdurende potensiële bron van internasionale verwikkelings vir die Unie. Genl. Smuts se bewysvoering van: „en ons behoort aan 'n aantal state, wat nie baie in Europese sake ge-intereseer is nie, en verkeer dus in die posisie van afsydigheid en onpartydigheid, wat ons groot mag en invloed gee,” het hom self vernietig deur sy deelneming aan 'n Europese oorlog, waarmee die Unie niks te make gehad het nie. Die Federale Raad was baie meer reg deur soos ons reeds aangehaal het te beweer: „Die Oorlog-deursien politiek het ons 'n bitter les geleer. Nee die Hollandse Afrikanerdom sê: „Ons kies Chamberlain se al-

ternatief van gehele afskeiding."

Om hierdie opvatting van die Federale Raad te weerlê is nie voldoende nie om ons op 'n onafhanklikheid gelykstaande met die van Engeland te beroep nie. Solang ons lid is van die Britse Gemenebes van State, bestaan daar geen teoretiese neutraliteit nie, in elk geval seker nie 'n praktiese onsydigheid nie. Daarom sê die Federale Raad afskeiding.

Dog dit is nie alleen die Europese byenes nie, daar is die Indiese vraagstuk in Brits-Indië swanger van onluste,—daar is Japan en die Sjinese kwessie in die verre Ooste, veral vir Australië,—daar is die Kanadese met die V.S.A.

Ons vennootskap met die Britse Ryk is vol van voetangels en slagysters. Die veelgeroemde voordele op internasionale gebied is ver van 22 karaat goud, veral as dit afhanklik gemaak word van vae verbintenisse soos neergelê in die Rykskonferensie-besluite, en Brits-oorgelewerde konstitusionele reg, in plaas van duidelike, skerp geformuleerde traktate. Om hierdie redes is dit erg te betwyfel of genl. Hertzog in sy bekende speech op 20 Des., 1926 te Pretoria na sy terugkoms van die Rykskonferensie genoegsaam met hierdie feite rekening gehou het, toe hy gesê het: „Ek, vir myself, twyfel nie vir een oomblik, om, nou na die Unie deur die regte outoriteit openlik as 'n onafhanklike vrye staat erken is, te verklaar en te antwoord op die vraag, met die betrekking tot die ko-operasie binne die Ryk, dat ons voorspoed en geluk as 'n volk, op geen ander manier gehandhaaf en gekoester kan word as binne die *Verbond van Volke*, waarmee ons verbonde is as 'n vrye nasie deur ons eie wil, en dat in geen ander weg kan ons *Nasionale Vryheid* groter mag en waarborg geniet as binne die *Britse Ryk* op die basis soos dit vandag bestaan."

Op die een of ander tydstop kom die meeste van ons staatsmanne onder die bekoring en die bedwelming van die glorie van die Britse Ryk. Die Britse Ryk is magtig en ons voel ons veilig onder sy vlerke. Die Britse Ryk is ryk, en het uitgebreide handelsbetrekkinge, ons het die voordeel van sy kapitaal en industrieë. Die Britse Ryk het eer en aansien en ons koester ons lekker in die sonnestrale van sy grootheid. Die uitstra-

ling van sy lig laat ook ons blink, en gee ons die behaaglike van 'n eie, in onself ontwikkelde warmte-gewaarwording. Die Britse burgerskap gee ons dieselfde lekker gevoel, as die hoogstaande barbare vammelewe moes gekry het, toe aan hulle goedgunstelik die Romeinse burgerskap toegeken werd.

Wat die uitwerking van dit alles op ons Hollands-Afrikaner-volkssiel sal wees, bekommer die meeste hulle nie oor nie, solang die uiterlike glans en die ekonomiese voordele maar geniet kan word.

Wat die uitwerking van hierdie politiek op die voortbestaan van ons Hollands-Afrikaanse nasie is en sal wees laat hulle koud. Ons sal dit egter nou nagaan.

NASIONALISME IN ENGERE SIN.

Ons bereik hiermee die gewigtigste deel van ons ondersoek. Dit is of Dominium-status met al die konsekwensies wat daarby behoort, voldoen aan die eise van Nasionalisme op hierdie gebied?

Gee dit die nodige waarborge vir die ont-plooiing van die Hollands-Afrikaanse nasie-siel, in absolute gelykheid met die van enige ander nasie in die Unie-staat?

Laat ons Dominiale Outonomie toets aan hierdie hoofbeginsel van Suidafrikaanse Nasionalisme?

'n Eie Suidafrikaanse volkssiel! Daar bestaan nie 'n gemeenskaplike Suidafrikaanse volkssiel nie, omdat die uitkyk van Boer en Brit op fundamentele sake nog so verskillend is. Daar kan tereg gevra word of ons bestaande betrekkinge as lid van die Britse Statebond bevorderlik vir die ontwikkeling van die gemeenskaplike nasie-bewussyn is? Tot voorkort was so 'n nasie-bewussyn, by die Hollandse as reël, by die Engelse alleen as uitsondering te vind. Waarom? Omdat die Hollandse-Afrikaner se staatkundige bande met die land van sy afkoms, al meer as honderd jaar verbreek is. Die gevolg daarvan was dat hy 'n spesifieke nasie, wat verskillend is met elk ander in die wêreld ontwikkel. Die Engelse Afrikaner daarenteen was altyd staatkundig ten-nouste verbonde met Groot-Brittanje en die Britse Ryk. Hy het nooit die behoefte gevoel van 'n

eie Suidafrikaanse burgerskap met 'n Suidafrikaanse patriotisme nie. Vir hom was Suidafrika sowel op staatkundig, as ekonomiese en kulturele gebied nooit 'n afsonderlike eenheid nie, maar slegs 'n onderdeel van die Britse Ryk, en in die verhoudings het hy volkome tevredenheid gevind.

Die Suidafrikaanse nasie-siel was dus vir 90 persent die van die Holl. Afrikaners. Dit is nie 'n gewenste toestand nie. Vir die welsyn van Suidafrika as 'n geheel is dit noodsaaklik, dat ook die Engelse Afrikaners tot 'n spesifieke Suidafrikaanse nasie sal ontwikkel, wat met die Hollandse tesame 'n Suidafrikaanse volkskarakter kan skep. Dominium-status met sy lidmaatskap van die Britse Ryk bestendig hierdie euwel, en werk ook die ontwikkeling van die Hollands-Afrikaanse nasieskap teen.

HOOFTSTUK VI.

GENERAALS SMUTS-HERTZOG, ANGELSAKSIËSE VERHOOGDE STATUS OF DOMINIENIALE OUTONOMIE.

Die karakter van hierdie staatsverband word die beste uitgedruk deur die benaming van: die *Smuts-Hertzog angelsaksiese verhoogde status of dominiendale soewereine onafhanklikheids-teorie*.

Die grondslag waarop hierdie status-teorie berus is soos ons gesien het die Britse Kroon, Britse burgerskap en Britse Empire. Ons noem dit angelsaksies omdat dit van voor tot agter, van bo tot onder geheel en al Brits is. Die Hollands-Afrikaanse of in sy ruimer vorm die Duitse begrippe word deur hierdie teorie heeltemal genegeer.

Hierdie onafhanklikheidsteorie kan dus die hoof en hart van die Engelse bevredig, dog deur sy eensydigheid nooit die van die Hollandse Afrikaners nie. Dit is 'n onafhanklikheid waarteen Engeland, Australië, Nu-Seeland, met sy geheel Britse bevolking geen objeksie teen kan hê nie. Dit kan egter nooit Suidafrika as 'n geheel voldoe-

ning gee nie. Dit is 'n blote verstands en materiële onafhanklikheidsteorie, omdat dit die gevoel van die Hollandse Afrikaners probeer te smoor, deur materiële bewysgronde en £-s-d-argumente. Die siel van die Hollandse nasie is egter nie te koop nie. Wat help dit al het jy die gewin van die hele wêreld en ly skade aan jou siel?

Die Unie is 'n vennoot in die Gemeenebes van Volkere—die Britse Gemeenebes. Die hoof van hierdie Gemeenebes is die koning—'n Britse koning. Die suksessie van hierdie kroon, word gereël nie deur die Suidafrikaanse wet nie, dog deur 'n vreemde wet, nl. van Groot-Brittanje, dus 'n Britse wet.

Die toestand onder hierdie domieniale status is dus: Die Hollandse Afrikaner is lid van die Britse Gemeenebes van Volkere, met 'n Britse Koning, en afgesien van ons Suidafrikaanse Burgerskap, met 'n Britse en nie 'n Dietse Burgerskap nie. Ons huidige status plaas derhalwe die Hollandse Afrikaner nie op dieselfde hoogte as die Engelse nie. Ons internasionale betrekkings besorg dus aan die Engelse Afrikaners 'n ousereol van meerwaardigheid en onverdiende voorkeur. Is dit reg? Is dit billik? Is dit in ooreenstemming met die grondbeginsels van gelykheid en van vyftig-vyftig-basis? Sal hierdie toestand bydra tot die vorming en groei van 'n Verenigde Suidafrikaanse volk, of sal dit 'n versperrende faktor wees?

Daar was 'n tyd toe die grootste gedeelte van die toenmaalse bewoonde Suidafrika onder Hollandse beheer gestaan het. Hierdie beheer is soos ons weet in 1806 in die Kaapland, in 1842 in Natal en in 1902 in die Vrystaatse en Transvaalse Republieke verdring, nie deur 'n normale ewolusie nie, dog deur brute geweld.

Ons wens en wil nie weer die ou tyd terug hê met die Hollandse Afrikaners as opper- of alleenheerser nie. Die reg daartoe bestaan nie meer nie, omdat die Engelse Afrikaners en in die laaste tyd ook die Joodse baie bydra tot, en 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van Suidafrika, veral op ekonomies gebied. Ons het egter wel reg om te eis op grond van die feit dat die grootste deel van Suidafrika bewoonbaar gemaak is deur die sweet van die eerste Koloniste, en deur die

bloed en trane van die Voortrekkers, daardie Voortrekkers wat goed en hawe, gesondheid en lewe feil gehad het om die woeste natuur mak te maak, verraderlike siektes te trotseer, en die wrede barbare te bedwing, sodat ons hulle nasate in rus, vrede en gemak die lewe kan leef, en sodat die Engelse Afrikaner sonder riesiko en veilig sy geld in die land kan belê en ryk word. Ons is verplig teenoor die pioniers-arbeid van ons voorouers, om 'n toestand van sake in die lewe te roep, waarby hierdie ideale waar hulle alles voor opgeoffer het, kan bly voortleef.—Onder hierdie ideale val ook 'n staatkundige toestand, waarin die Hollandse Afrikaner op absolute gelyke voet staan met Engelse, niks meer—maar ook niks minder nie. Ons huidige status doen dit nie en kan deur sy aard dit ook nie doen nie. Ons moet dus 'n status hê wat nie alleen die hoof en hart van die Engelse Afrikaner genoeë gee soos ons huidige, dog dit moet ook een wees wat die hoof en hart van die Hollandse Afrikaner tevrede stel, wat dominiële soewereine onafhanklikheid nie kan nie. Daar moet dus 'n ander oplossing gevind word, wat die sentiment van die Hollandse Afrikaners bevredig, en nie 'n inbreuk maak op die sentiment van die Engelse Afrikaner nie.

Dog voor ons die oplossing verder uitwerk wil ons eers die gewigtige vraag beantwoord, of ons teenswoordige status nie uiteindelik dieselfde resultaat kan oplewer deur die ontwikkeling van die elemente op die oomblik in hom aanwesig? As dit so is, sal dit baie beter wees om hierdie geleidelike ewolusie af te wag. Dat dit sal kan gebeur is hoogs onwaarskynlik. Soos ons meer dan eens beweer het, het daar wel 'n kwantitatiewe dog nie 'n kwalitatiewe verandering in die wese van die Britse Empire, en daarmee in ons status plaasgevind. Die fondamente van die Britse Ryk—Britse kroon,—Britse Gemenebes en Britse burgerskap is nog net so onwrikbaar as ooit tevore. Al die vryhede wat ons gekry het beweeg hulle daarbinne. Nog die afskaffing van die outoriteit van die Britse Parlement oor die Dominiëms, nog die afskaffing van die 'Privy Council' of die Goewerneur-Generaal se direkte verantwoordelikheid aan die kroon in plaas van die Britse Parlement, of die afskaffing van die 'Colonial Laws

and Validity Act,' of die afvaardiging van gesante na buitelandse howe nadat die koning hulle geloofsbriewe geseën het, is prinsipiële veranderings in ons status. Nie een van hulle of enig ander wat deur die 1926 Rykskonferensie gepasseer is, het die fundamentele beginsels waardeur Domieniale Outonomie van Soewereine Internasionale Onafhanklikheid onderskei word, aangetas of verander nie.

Ons het dan ook volkome reg om te beweer dat genl. Smuts se Verhoogde Status en Genl. Hertzog se Soewereine Onafhanklikheid in sy innerlike betekenis dieselfde is en in sy diepere eenheid in mekaar oplos.

Ons het reeds tal van outoriteite aangehaal om te bewys dat op die 1926 Rykskonferensie geen prinsipiële veranderings in ons onafhanklikheid of juister, afhanklikheid gemaak is nie. Genl. Hertzog het self op Frankfort gesê: „Die soewereine onafhanklikheid het ons reeds in 1910 gekry, maar dit is duidelik omskryf geword op die Imperiale Konferensie van 1926.”

Genl. Smuts se definiesie van die Britse Ryk wat hy in Mei, 1923, na sy terugkoms van sy voorlaaste Rykskonferensie in die Volksraad gegee het, is presies dieselfde as die van die 1926 Rykskonferensie.

Hy het gesê: “The British Commonwealth, and what it stands for, is that of free and self-governing countries of equal status, co-operating on a basis of consultation, bound by a Common allegiance and by a community of interest.”

Het die 1926 Rykskonferensie nie byna woordelek hierdie omskrywing van Domieniale outonomie oorgeneem nie?

Baie nuwe begrippe is daar dus nie bygevoeg geword nie.

As ons dus al in 1910 en 1923 volkome vryheid gehad het, kan die 1926 onafhanklikheid nie so vreeslik prinsipiël verskil van die status wat ons as selfregerende geweste altyd gehad het. Die teorie het dieselfde gebly, alleen die praktiese toepassing deur die Nasionale Regering het dit baie meer tot sy reg laat kom. Die Nasionale Regering het inderdaad die teorie in al sy konsekwensies uitgevoer, in sommige gevalle self verder as die teorie toelaat. Nasionalisme is hom

dankbaar daarvoor, geen S.A.P. Regering sou dit ooit gedaan het nie. Soos uit die S.A.P. opposisie met laaste Parlementsitting teen buitelandse verteenwoordiging geblyk het. Die Nas. Party roei inderdaad sover as hy kan met die gebrekkige rieme wat hy het.

Nasionalisme verset hom nie teen die praktiese toepassing van die Smuts-Hertzog verhoogde status of Domieniale Onafhanklikheidsteorie nie. Sy besware is gerig teen hierdie onafhanklikheidsteorie self. Dit bestry hierdie teorie omdat die Unie Staat, selfs met die gewilligste en mees Nasionalistiese Regering aan die bewind, nie in staat is om voldoening te gee aan die regmatige regte van die Hollandse Afrikaner.

Die Unie-staat is onder Domieniale Outonomie nie daartoe in staat nie, omdat dit nie voldoen aan die volgende redelike eise aan die staat deur van Schelven Hoewe (Dietse stemme) gestel:

1.) *In die eerste plek: Omdat die Unie Staat nie gegroei is uit en as deel van die Britse Gemenebes van State nie kan gedy in die gesonde volkswil, waaronder nie alleen die van die Engelse, dog wel deeglik ook die Hollandse Afrikaner nasie begrepe is. Dit was nooit die wil van die Hollandse Afrikaner nasie nie om deel te word van die Britse Empire. Die gehele strewe van ons voorouers was om daaruit weg te kom. Die volkswil van die veriede was altyd daarteen en nog die Vrede van Vereeniging nog die Unie-konvensie kan aangehaal word om die teendeel te bewys. Die Vrede van Vereeniging was 'n afgeperste coreenkoms, en het direk ingedruis teen die diepste gevoelens van die Hollandse Afrikaner-nasie. Daar is beweer dat die strewe van Nasionalisme met die oog op die Verdrag van Vereniging troubreuk is. Daar is egter 'n hoër eer, 'n edeler trou, 'n heiliger offer, en dit is jou getrouheid aan jou stamgevoel, die trou aan die dade en opoffering van jou voorgeslag, die offer van 'n Jopie Fourie, die trou van 'n Generaal Beyers.*

Wil 'n staat op gesonde beginsels rus, en sonder dit kan hy nie aan sy doel beantwoord nie, dan moet dit opgekom het uit die gesonde volkswil. Die Unie staat, selfs onder die Nasionale Regering, voldoen nie aan hierdie eis nie en kan daarom nie aan Nasionalisme bevrediging gee nie

onder sy teenswoordige staatkundige verhoudings.

2.) *In die tweede plek:* „Omdat die Unie-staat nie aanpas aan die aard van ons Hollandse Afrikaner nasie.

Die aard van die Hollandse Afrikaners was altyd deur en deur demokraties. Die Britse Monargale Regeringsvorm met sy adel en allerlei erflikhede is geheel en al vreemd vir ons volks-aard. Die Republikeinse vorm was altyd ons ideaal. Dus ook wat hierdie twee beginsels betref skiet die Unie-staat kort; ook hier kan dit nie bevrediging gee aan Suidafrikaanse Nasionalisme nie.

3.) *In die derde plek:* „Die Unie-staat kan as 'n deel van die Britse Gemenebes van state nooit beantwoord aan die sedelike doel wat elke onafhanklike staat beoog, naamlik om 'n waarborg te wees vir die volle ontwikkeling en ontplooiing van ons volksaard.

Vir die Engelse kan dit, vir die Hollandse nasie-siel nooit, omdat soos ons gesien het onder die Britse prerogatiwe, die Afrikaanse volkssiel in verdrukking kom en nooit 'n gelykregtige behandeling kan geniet nie.

4.) *In die vierde plek:* „Die Unie-staat kan nie die nodige middels gee nie waardeur die Hollandse Afrikaanse volkswese gehandhaaf kan word.—Hier kom ons egter meer op praktiese terrein. 'n Doelbewuste Nasionale Regering kan hier egter baie doen selfs met 'n slegte teorie, as die Regering daarop kan aandring dat die Staats Departemente en ander organe van die Staat reg laat wedervaar aan albei seksies van die Unie bevolking. Die Unie staat is egter vanaf sy boonste tot sy onderste lae so bedwelmend deur die Britse bekoring, dat dit tot nou toe altans die skyn geregverdig is, dat die Unie staat nie die nodige middels, die deursettingsvermoë of krag besit om ook die Hollandse Afrikaners se regmatige volksregte te beskerm nie.

Of word die Afrikaanse taal gelyk met die Engelse in die Staatsdepartemente, meskien met 'n uitsondering van die van landbou behandel? Word nie 90 persent van die inter-departementele korrespondensies en werk in Engels gedaan? Hoe is dit met ons geregshowe gestel? Kom ons taal daar tot sy reg? Hoe staan dit met die tweeta-

ligheid van ons staatsamptenare, selfs met die wat gedurig met die publiek in aanraking kom? Hoe is dit met Natal? Die Nasionale Regering het daarop geroem dat hy in sy 5 jarige bewind byna net so baie Hollandssprekende as Engelsprekende amptenare aangestel het. Byna net soveel! Daar die S.A.P. Regering in die 14 jaar van sy bewind byna uitsluitend Engelssprekendes aangestel het, moes die Nas. Regering nie *byna net soveel* Hollandssprekendes aangestel het nie, maar meer, om die groot verskil gelyk te maak. Temeer daar die Hollandssprekende bevolking in Suidafrika volgens laaste sensus 945,546 en die Engelse maar net 564,626 is.

Proporsioneel op die siele-aantal gereken, het ons dus minstens op 6 die Engelse nie meer as 4 uit die 10 aanstellings reg. Gee die Nasionale Regering of liewers die Unie staat ons die middels om ons nasieskap in die stand te hou? Die Engelse Afrikaner word hierdie reg met volle teuge toegedien. Hoe is dit met ons laer, middelbaar en hoër onderwys gesteld? Kom ons Hollandse aspirasies daar tot sy volle reg?

In die 5de plek: Die Unie-staat onder sy teenswoordige Britse Internasionale verhoudings is alleen vir die een komponent van die Afrikaanse volk, naamlik die Engelse, 'n inspirasie. Die ander komponent, die Hollandse, beklee nie 'n gelykwaardige posiesie nie, en dit is juis 'n lewensvereiste vir die Hollandse gedeelte. Sonder dit tog kan daar nie 'n gelukkige volk hom ontwikkel nie, of ons moet ons neerlê by 'n soort kaste indeling as in Voor-Indië; en die Hollandse Afrikaner moet tevrede wees met die plek van Parias.

Die totstandkoming van die Unie en ons trou aan die Britse Koning is uitdruklik geskied op voorwaarde dat die Britse komponent ons sedes en gewoontes sal respekteer en ons taal sal aanleer, net soos ons teenoor hulle dit doen. Hulle respek en eer vir ons taal en ons trou aan hulle koning is dieselfde: "His King and Majesty" en "The Dutch Language," laat ons dit ons Engelse vriende, vriendelik dog met nadruk onder die aandag bring, is onafskeidelik met mekaar verbonde. Geen 'Dutch Language'—ook geen 'King's Majesty' in Suidafrika. Probeer hulle ons taal te verkleineer, te verontagsaam of te minag deur dit

nie te leer nie, dan sal ons met alle geoorloofde middels die bande met 'His King's Majesty' verbreek, om op die manier ons taal te red. Dit is in hoofsaak te wyte aan die Britse status, dat die Engelse Afrikaners ons taal nie wil aanleer nie. En sonder die kennis kan hy nooit die Hollandse Afrikaner volks- of nasie-siel in sy innerlike wese begryp nie. Wanneer die bande egter oorsee verbreek word, sal hy baie gou van sy bevoorregte en bevooroordeelde posisie afdaal, en deur waardering van die regte van sy mede-vennoot meehelp vir die opbou van 'n eie spesifieke Suidafrikaanse burgerskap.

HOOFSTUK VII.

ONAFHANKLIKHEIDS-TEORIE VAN NASIONALISME.

Om al die genoemde redes kan Nasionalisme hom nie by die bestaande Dominium-Status neerlê as die hoogs bereikbare, en mees doelmatige onafhanklikheid van Suidafrika nie. Dit is daarom dat hy 'n ander teorie op Status-gebied noodsaaklik ag.

Hierdie teorie is die „Nasionalistiese Onafhanklikheids-Teorie,” wat prinsipiële verskil met die Smuts-Hertzog Angelsaksiese-Verhoogde status of domieniale onafhanklikheids-teorie, en dus ook verskil met die Onafhanklikheids-teorie van die Nasionale Party.

Die Nasionale Onafhanklikheids-teorie gaan uit van die fundamentele beginsel van absolute gelykheid op staatkundige gebied van die Hollandse en Engelse Suidafrikaner in Suidafrika, en verklaar met niks minder tevrede te sal wees nie. Dit gaan uit van die aksioma dat die Engelse en Hollandse Afrikaner geheel en al gelykwaardig is, en dus op elke gebied van die lewe, dit sy sosiaal, ekonomies, kultureel of staatkundig gebied volkome reg het om 'n ewewaardighedsposisie in te neem. Hierdie reg is 'n premordiale reg van nasie-bestaan gegrondves op die geskiedenis, en op die aandeel wat die Hollandse Afri-

kaner geneem het en nog neem in die ontwikkeling van die land. Die 954,540 Dietse Afrikaners het tog net soveel reg as die 564,626 Engelse Afrikaners op 'n eie volksbestaan, en op 'n respektore van sy taal nie alleen deur die Sentrale Regerings-Departemente, dog ook deur die Provinsiale, Munisipale en andere staatsinstellings. Dit gaan egter hier in die eerste plek nie tussen Regerings-Departemente en die Afrikaanse nasie nie, maar tussen die Engelse en Hollandse nasie in Suidafrika. Nasionalisme kan dan alleen sy swaard in sy skede steek en op sy louere rus, as dit alles tussen nasie en nasie in orde is.

Dit is nie alles in orde nie! Die Afrikaanse nasie en veral sy taal word veronagsaam deur 75 persent van die Engelse Afrikaners, dit is deur drie uit vier van hulle. Dit gebeur in die skole, in private omgang, in besighede, in privaat kantore, in publieke- en komitee-vergaderings, en oral waar die Hollandse Afrikaner geforseer word deur onkunde van die ander party van die tweede landstaal, om Engels te gebruik. Nasionalisme gaan uit van die premisse dat as op staatkundige terrein die lug gesuiwer word, dit op die ander terreine van die maatskappy dan baie gouer sal verbeter. Dit gaan uit dat die wanverhouding van Engels-en-Hollands juis sy oorsprong vind in ons eensydige staatkundige verbintenis met die Buiteland onder die Britse Ryk. Dit is daarom die kar voor die perd gespan om die staatkundige posiesie onaangetas te laat, en te dink dat die skewe verhoudings op die ander terreine reg sal kom.

Nasionalisme gaan uit van die beginsel dat die voorregte wat die Engelse Afrikaner in Suidafrika deur lis of wapengeweld verkry is en daarom nie as onvervreembare, en onverbreekbare regte beskou kan word nie. Die Hollandse Afrikaner het daarom net soveel reg om op staatkundig gebied aan te sluit en bevrediging te soek daar waar hy deur sedes en gewoontes, taal en geskiedenis, kultuur en stamverwantskap aan verbonde is. Dit is seker nie by die bestaande Britse Gemenebes van state nie.

Die Nasionalistiese onafhanklikheids-idee vereis absolute gevoels- en staatsregterlike gelykheid tussen Boer en Brit in die Unie-Staat. Die

kern is dus of die Genl. Hertzog-Smuts Verhoogde Status of Dominiële Onafhanklikheid aan hierdie eise voldoen. Ons vra weer is daar absolute gelykheid, kan daar absolute gelykheid onder ons huidige Status bestaan?

Nasionalisme is oortuig dat daar net een middel is om hierdie saak op te los en dit is wat in die Verenigde State van Noord-Amerika toegepas is.

Die V.S. van Amerika wys ons die weg. Daar is 'n bevolking van oor die 100,000,000 bestaande uit 'n twintigtal Nasionaliteite, tot één groot nasie saamgesmelt, nie Brits nie maar Amerikaans. Die woord Brits het uit die Verenigde State verdwyn, soos dit ook uit Kanada aan verdwyne is. Persone van Britse afkoms voel hulle nie verkleineer nie om hulle Britse burgerskap vaarwel te sê en met die ander nasies op voet van gelykheid 'n nuwe nasionaliteit te vorm, 'n spesifieke Amerikaanse. Die Hollandse Afrikaners was dit altyd. Is dit te baie geverg van die Engelse Afrikaners om hulle tot hierdie hoër en suiwerder begrip van Suidafrikaanse Nasionalisme op te hef, met die verstande egter dat Suidafrika ryker sal wees deur die handhawing van die Afrikaanse taal en dus van 'n Hollands-Afrikaanse kultuur naas die Engelse.

In Suidafrika moet daar nie alleen gelyke regte, dog ook gelyke opofferings van die twee rasse wees. Ons Hollandse Afrikaners kan nie beskuldig word nie dat hy sy regte met ongeoorloofde krag na vore gebring het. Juis die teendeel is waar. Dit is al 20 jaar na die totstandkome van die Unie.

Het ons vir ons Engelse mede-burgers nie tyd genoeg gegee nie om sy idee van oorwinnaar en oorwonnene kwyd te raak, om sy oorwinningsroes uit te slaap, sy meerwaardigheidskompleks te verloor, waardeur hy oortuig is dat die Hollandse Afrikaners voor beskik is, en altyd daarmee tevrede moet wees, om bywoner in die land van sy vaders te bly of te word, om sy Angelsaksiese grootheid- en onfeilbaarheidsgevoel af te sweer, om sy vervolgings en betrekkings ideë, waardeur hy wys gemaak word, dat elke poging van die Hollandse Afrikaners tot meerdere onafhanklikheid, en handhawing van selfsprekende regte, dit

noodwendig beteken dat die Engelse Afrikaner van sy regte en vryheid beroof moet word; om die illusie uit hoof van ons Engelse medeburgers te hamer, dat as hulle maar lang en hardnekkig genoeg volhou om hulle taal alleen te gebruik, hulle uiteindelik die Afrikaanse taal kan doodswyg en doodnegeer? Is honderd jaar nie genoeg tyd nie? Is die tyd nie lankal oorryp nie, dat die Holl. Afrikaners doelbewus moet optree en hulle eie minderwaardigheidskompleks vaarwel sê op staatkundige gebied? Dat hulle nou eindelijk met niks minder tevrede sal wees nie as met hulle volle regte. En die volle regte beteken nie 'n soewereine domieniale onafhanklikheid nie, dog 'n afgeskeie soewereine onafhanklikheid.

Nie politieke opportunisme, maar staatsmanswysheid is nodig, ook vir 'n politieke party wat 'n werklikheids-, inplaas van 'n skyn-oplossing van hierdie groot vraagstuk wil gee. Hierdie enigste oplossing is afskeiding soos die in die Verenigde State toegepas is. Afskeiding beteken egter nie 'n onvriendelike handelwyse teenoor Groot-Brittanje nie. Dit behoeft nie te beteken dat ons daardeur niks met die Britse Gemenebes van State maak wil hê nie. Met die oog op die Engelsprekende gedeelte van die volk wil ons dit nie teen die Empire aksie neem tensy dit absoluut noodsaaklikheid is nie. Ons eerbiedig die gevoelens van die Engelse Afrikaner teenoor hulle moederland, Groot-Brittanje, dog ons wil ook dat hulle ons gevoelens teenoor die land van ons afkoms respekteer. Die teenswoordige betrekkings van die Unie tot die Britse Gemenebes plaas die twee egter nie op gelyke voet nie. Die Onafhanklikheids-teorie van Nasionalisme los hierdie moeilikheid op. Dit gee die Hollandse sy regte, sonder af te neem van die van die Engelse s'n. Wil Nederlands-Suidafrika sy nasie-selfrespek terugwin, wat hy deur die verowering deur Groot-Brittanje in „die eeu van onreg” verloor het, dan kan hy met hierdie status nie tevrede wees nie. Die huidige status laat hom 'n laer standpunt inneem. Gelukkig dat sy minderwaardigheidskompleks wat hom in die verlede daarin laat berus het, aan uitsterwe is deur die herlewing van Nasionalisme.

Soewereine Domieniale Onafhanklikheid,

ons teenswoordige status dus, bly om hierdie redes 'n hinderpaal vir die wording van 'n groter en gelukkiger Suidafrikaanse nasie. Dit strem die ontwikkeling van 'n goeie gesindheid tussen die Hollandse en Engelse burgers van die Unie. Dit is 'n blok wat die Engelse Afrikaner aan sy been moet meesleep, en wat hom dus vertraag om ook 'n eie Suidafrikaanse burgerskap te ontwikkel.

Dus elkeen, Afrikaner of Engelsman wat die waaragtige belange en welvaart van Suidafrika as 'n geheel ter harte neem, en hom nie deur Party-politieke belange of rassebeweegrede laat meesleep nie, alger wat trag om die weg vir die komende seuns van Suidafrika uit te kap, kan met ons huidige Internasionale Status nie tevrede wees nie, en moet hom beywer om 'n verandering in hierdie toestand te kry. Die verandering kan alleen verkry word in ooreenstemming deur die Onafhanklikheid van Nasionalisme.

Dit bring ons eindelijk tot die ware betekenis van onafhanklikheid soos die in die wese van Suidafrikaanse Nasionalisme opgeslote lê.

As voorwaardes van hierdie onafhanklikheid, het ons as fundamentele prinsiepe voorop gestel, dat daaronder absolute regs en ook gevoelsgelykheid vir die Hollandse in vergelyking met die Engelse Afrikaner moet wees. Ons het bewys dat die Smuts-Hertzog verhoogde status die dominiante soewereine onafhanklikheid, langs normale ewolusie nooit hieraan kan voldoen nie. Die onafhanklikheids-teorie van Nasionalisme het nie hierdie tekortkomings nie. Volgens hierdie teorie moet Suidafrika hom ontwikkel tot 'n internasionale onafhanklike staat, waarvan die onafhanklikheid nie gekwalifiseer of gekondisioneer word deur sy lidmaatskap met die Britse Gemenebes van State as deel van die Britse Ryk nie. Hierdie onafhanklikheid word dus alleen beperk deur die Volkere Reg, soos die van ander werklik onafhanklike state soos Frankryk, Nederland, Switserland, V.S.A. ens., ens. Dit word dus onttrekke aan die jurisdiksie van die Britse Konstitusionele Reg. Die Onafhanklikheids-teorie van Nasionalisme voldoen aan hierdie eise. Nasionalisme wil dusdanig internasionale betrekkings skep, waarvan die weerkaatsing op ons binnelandse verhoudings nie die resultaat het as die onder die teens-

woordige, naamlik waardeur 'n minderwaardige posiesie aan die Hollands-Afrikaner en 'n meerwaardige aan die Engelse Afrikaner gesuggereer word. Nog die Engelse of Hollandse gedeelte sal hulle geskiedenis behoef te vergeet nie. Hulle tradities, kultuur en taal sal nie bedreig word onder die Nasionalistiese Onafhanklikheid nie. Dit is nie eensydig nie. Op die oomblik word ons geforseer om die stambande oorsee losser te maak as die Engelse Afrikaner.

Ons betrekkings van die Unie met Nederland, Vlaandere en die Germaanse volk is nie op dieselfde voet as die met Groot-Brittanje, Australië en die ander Britse State nie. Daar bestaan nie 'n prinsipiële rede waarom dit altyd so sou moet bly nie. Ons het die bande veral op staatsregterlike terrein nolens volens verbreek om 'n eie Suidafrikaanse nasieskap te erlang. Is dit teveel vir die Engelse Afrikaner geverg om dergelike opofferings te maak?

Ons weet dat dit vir hulle en baie Hollandse Afrikaners as 'n onvergeefbare kettery klink. Dog waarom? Dit is redelik en logies. Die ongeluk is, dat ons hier met rasse-sentiment en politieke partye te doen het. Ons stuit daarom op allerhande idiosyn krasieë, sodat 'n logiese redenering nie altyd gewaardeer word nie. Solang Dominium-status bestaan sal die Engelse Afrikaner hom as reël in die eerste plek, "British subject" en in die tweede plek eers "Suidafrikaanse burger" gevoel. Die Britse burgerskap gee hom 'n voorsprong, en het op die Hollandse Afrikaner net die teenoorgestelde uitwerking.

Hierdie dominerende gevoel versprei hom van die staatkundige gebied na alle maatskaplike sfere. Dit is die ondergrond van die Engelse inwoner se verzet teen ons taal, van sy verontwaardiging as 'n Hollandse Afrikaner êrens aangestel word, of promosie, veral in staatsdiens, kry. Dit is die psiegologiese faktor waarom besigheidsmanne en privaat persone die Afrikaners wat hulle taal wil handhaaf as half idiote aanstaar. Dit is die rede, sodra geprobeer word om Afrikaans tot sy reg te laat kom op die skole, publieke liggame, vergaderings, daar 'n koor van verzet en uitroepings van verontwaardiging opgaan oor hierdie verregaande brutaliteit.

Alger is roerend eens oor die gelyke regte

teoreties vasgelê in Art. 137 van ons Grondwet, solang maar nie getrag word om dit konsekwent toe te pas nie. Dit is die rede waarom die Natalers praat van "Little Africans" en "Kitchen Dutch." Solang die Hollandse Afrikaner die tweede rangspesiesie op staatkundige gebied beklee, solang sal sy Engelse mede-burgers weier om hom geheel gelykwaardig te beskou. Dit is 'n psiegologiese vasstaande feit.

2. AFSKEIDING 'N LEWENSVOORWAARDE VIR ONS VOLK!

In 'n onafhanklike Suidafrikaanse Staat afgeskri van die Britse Gemenebes van State sal die Engelse Afrikaner deur verlies van sy Britskap, hom nie meer bokant die Hollandse Afrikaner voel nie. Daar sal nie meer 'n Britse Ryk, 'n Britse Kroon en 'n Britse burgerskap bestaan nie, alleen 'n Suidafrikaanse staat gevorm deur Hollandse, Engelse, Joodse burgers, met net een soort burgerskap, 'n Suidafrikaanse. Die Engelse burgers sal 'n treetjie laer moet afklim, die Hollandse 'n treetjie hoër, hulle sal op dieselfde voetstuk bymekaar uitkom.

Word daar nie te veel van die Engelse Afrikaners gevra om op te gee nie?

Gevra kan word of dit nie 'n te verregaande inkorting van die regte van ons Engelse medeburgers sal wees nie?

Weselike regte word van hulle nie afgeneem nie. Hulle bevoorregte posiesie in die Unie-staat is gebaseer op verowering en verkry deur lis en wapengeweld.

Die Hollandse Afrikaner het nooit toegegee dat hierdie regte onvervreemdbaar, of onveranderlik is nie. Hulle is nie wette deur die Mede en Perse gemaak nie. Buitendien word aan hulle niks gevra om te verloën, wat nie alreeds deur die Hollandse Afrikaner vaarwel gesê is nie. Die enigste verandering wat dit vir die Engelse Afrikaner sal maak, is dat hy 'n spesifieke Suidafrikaanse burgerskap sal moet aankweek in plaas van 'n algemeen Britse. Dit is tot sy eie beswil, want 'n eie Suidafrikaanse burgerskap sal hom 'n baie sterker nâsie-persoonlikheid gee as die algemene Britse. Seker sal dit baie aanpassing van hom vereis. En hoemeer hy nog met een been oor-

see staan, des te moeiliker sal hy sy vooroordele teen Afrikaans, sy koloniale kompleks, sy ingewortelde imperialistiese neiginge kan afsweer.

Dog dit is vir die beswil van Suidafrika as 'n geheel en daarom nie iets onregverdigs of iets onredeliks nie.

HET DIE HOLLANDSE AFRIKANER REG OP HIERDIE ONAFHANKLIKHEID?

Ons het hierdie vraag alreeds van verskillende kante beantwoord. Dit is so vanselfsprekend dat argumente dit eer verswak as versterk. Waarom sou die Hollandse Afrikaner ook op staatkundige gebied nie die reg hê om net so goed aansluiting te soek by die gedeelte van die buiteland, by die nasie waarmee hy deur sedes, gewoontes, taal, geskiedenis, dus deur stamverwantskap verbonde is? Dit is seker nie by die bestaande kombinasie wat die Nasionale Party in Art. IV so begerig is te handhaaf nie.

Ons het net soveel reg (tensy 'n verkrachte reg deur die mag van die sterkste ophou 'n reg te wees) om aansluiting te soek daar, waar ons deur ons voorouers se bloed die nouste mee verbonde is — en dit is seker nie die Britse Gemenebes van State wat nou as die hoogste saligheid deur die Nas. Party beskou word nie. Die Hollandse Afrikaner het op grond van 'n premordiale reg, die reg van nasie-eksistensie, die reg dus om te bly bestaan en voort te ontwikkel as 'n afsonderlike eenheid, net soveel reg as die Engelse Afrikaners om die kultuur voorwaardes te skep, waardeur hierdie ideale verwesenlik kan word. Die bestaande Angelsaksiese Dominium-Bond, skep hierdie voorwaardes vir die Engelse, dog nie vir die Hollandse Afrikaner nie. Daar word nog gevra of die Hollandse Afrikaner op redelike gronde afskeiding kan eis? Kan hierdie anomalie op enige ander manier opgehef word? Nie alleen het die Hollandse Afrikaner redelike gronde vir Afskeiding nie, dit kan op dieselfde gronde waarop die Eng. Afrikaner die Unie laat aansluit het by die Britse Gemenebes van State, poginge in die werk stel 'n Dietse-Gemenebes van State te vorm en daarby aan te sluit. Die Engelse gemeenskap is egter so selfvoldaan, dat dit die teenswoordige situasie as so van selfsprekend aanvaar, dat hulle

dit as die enige moontlike beskou. Hierdie selfvoldaanheid werk so aansteeklik dat hulle al byna die gehele Nasionale Party ook tot hierdie sienswyse gesuggereer het.

As die moontlikheid en die wenslikheid bespreek word van 'n Staatskundige Verbond van die Unie (parallel met die bestaande Angelsaksiese) met die Dietse lande, veral Nederland, Duitsland en Vlaminge, dan doen nie alleen die Engelse, maar selfs baie Hollandse Afrikaners, soos die ou Nederlandse spreekwoord sê: „alsof zij in Keulen horen donderen.”

Iets wat vir ons die mees normale verskynsel behoort te wees, word as 'n abnormaliteit, of 'n ongebalanseerde opinie op staatskundige gebied opgevat.

So is langamerhand onder die Britse gees, as uitvloeiing van ons teenswoordige internasionale betrekkings, natuurlike regte en ideale van dit Dietse Afrikaners as verwaande eise, en onregmatige ideale doodgeverf, soos die geval was met die Duitse Verdrag, en die aanstel van 'n Gesant by die Nederlandse hof, gedurende hierdie Parlementsitting.

Dog daar is 'n kragtige ontwaking by die Dietse Afrikaner. Die opkomende geslag groei op in 'n selfbewuste nasieskap. Die depressie en onderdanigheidsgevoel deur die Anglo-Boere-oorlog veroorsaak gaan tot die verlede behoort. Die drang om te handhaaf, groei by die dag. Daar is 'n onkeerbare impuls na 'n nasionale persoonlikheid—losgemaak van alle onderhorigheid op verstand, staats en gevoels gebied. Ons Engelse burger mag dit negeer, die voorstanders van die Angelsaksiese onafhanklikheids-teorie mag dit betreur, dog hulle sal verplig wees hiermee rekening te hou.

Word aan hierdie absolute gelykheid nie bevrediging gegee nie, dan sal hier die aksie so onweerstaanbaar word, dan sal strydende Nasionalisme as 'n lawiene alles wat in sy weg kom opsy skuif, selfs 'n handhawende Nas. Party.

HET DIE HOLLANDSE AFRIKANER IN DIE VERLEDE NIE TE VEEL TOEGEGEE EN OPGEOFFER NIE?

Het die opofferings van die Hollandse Afri-

kaner, deur geweld van wapens afgedwing, nie te ver gegaan nie?

Die Hollandse Afrikaner het by monde van die Nasionale Regering, later geëndorseer deur die Nas. Party kongresse, ingestem en hulle tevrede verklaar om te bly in 'n State-Bond wat op kultuurgebied veral, so nie vyandig nie, dan tog in elk geval stremmend en afbrekend werk op die aspirasies van Nasionalisme.

Nasionalisme aanvaar geen verantwoordelikheid vir hierdie besluite en handelinge van die Nasionale Regering of van 'n Nasionalistiese Party nie.

INTERNASIONALE VOORDELE VERBONDE AAN AFSKEIDING.

Hierdie Soewereine Onafhanklikheid sal op internasionale gebied net so veel voordele in die toekoms gee as Dominiële Outonomie.

Ons het daarop gewys dat ook Nasionalisme die vriendskaplike betrekkings met die Empire wil laat voortbestaan, want Hollands-Afrikaanse Nasionalisme erken die regte van die Engelse Afrikaner. Dit wil nie dieselfde fout begaan as sy Engelse komponent, wat ons geforseer het om ons bande met ons stamgenote te verbreek, en aan te sluit by die Bond, wat selfs ons gedwing het om vyandig op te tree teen ons eie Germaanse stambroeders.

Om hierdie rede alleen, afgesien van die ekonomiese voordele wil ons dus met vriendskaplike en handelstraktate aan die Empire verbonde bly. Verbonde ja! dog ons laste en luste uiteengesit en skerp omskryf. Daarby eis Nasionalisme egter die reg op vir die Hollandse gedeelte om op dieselfde manier met die Dietse stamgenote deur handels- en vriendskaplike traktate verbonde te word, net soos onder ons huidige Status die Engelse met hulle Britse Stamgenote.

Ons het net soveel reg daartoe, en dit sal die internasionale posisie van die Unie eerder versterk as verswak. As hierdie politiek verwesenlik word sal die twee hoofrasse van die Unie-Staat in harmonie met mekaar leef; elk lewenskragtig deur instandhouding van sy eie kultuur. Hoe kragtiger, en selfbewuster die Engelse en Hol-

landse ras, des te kragtiger word die internasionale posiesie van die Unie.

Die Unie sal dan, deur die konneksies wat hy deur hierdie twee komponente waaruit hy gevorm word het, sy stem met gesag kan laat hoor op buitelandse samesprekinge. Hy sal wanneer hierdie twee komponente hulle self bly, as eerlike makelaar by geskille tussen die twee vernaamste verteenwoordigers van die Westerse kultuur, die Angelsaksiese en Germaanse rasse kan optree.

Die Unie sal deur sy invloed van sy Engelse burgers, die vrede kan bewaar met die Angelsaksiese State, nl. V.S.A., Groot Brittanje en die ander Dominiëms—deur sy Hollandse burgers sal hy dit kan doen met Nederland, die Skandinawiese en Germaanse state, en deur die Vlaminge met die Belgiese staat. Waarom sou daar nie 'n geleidelike ontwikkeling kan plaasvind tot 'n groter Bond van die Teutoniese (Indo-Germaanse), dus van die Angelsaksiese Skandinawiese Diets-Germaanse rasse? Sulk 'n bond, wat die kern van die Westerse kultuur en beskawing bevat, met strategiese punte oor die hele wêreld, sal by 'n konflik tussen die Westerse en Oosterse kulture, wat stadig maar seker nader, 'n kombinasie wees wat vooraf die sleutel van die posiesie in die hande het, en wat as handhawer en verdediger van die Westerse beskawing met sy Kristelike beginsels kan optree.

Uittreding uit die Britse Ryk deur die Unie sal 'n kragtige stoot aan hierdie ideaal gee.

Die Unie sal as 'n vrye individuele Staat, baie meer kan doen om hierdie politiek te verwesenlik. Selfs sy invloed by die volkebonds-vergaderings sal styg. Hy sal ook omdat hy die twee hoofrasse verteenwoordig, as eerlike bemiddelaar sy gesag kan laat geld in alle geskille waar die Angelsaksiese belang met die Dietser of Germaan s'n bots. 'n Herhaling van die Europese oorlog in sy vorm soos ons gehad het, waardeur Dietser teen Germaan moes veg, sal voorkom word. Ons Status sal seer seker stabiel, ons internasionale posiesie versterk word. Ons individuele mag sal meskien nie so groot wees as lid van die Empire nie, maar die onafhanklikheid wat ons deur Af skeiding sal verkry, sal ons eie wees, 22 karaat vryheid. Die Unie sal nie meer met geleende vere behoef te pronk nie. Dit sal 'n Status wees wat so

wel die hoof en hart van die Engelse as Hollandse Afrikaner bevredig. Dit is die enigste pad wat lei tot 'n groot-Suidafrikaanse volk, waarvan al die elemente hulle kan ontwikkel ooreenkomstig hulle spesifieke traditiesies en kultuur—'n gesonde en konsekwente binne- en buitelandse tweekstroom. Die teenswoordige sal die teenoorgestelde resultaat hê, solang daar nog 'n Britse Empire, 'n Britse Kroon, 'n Britse Burgerskap bestaan. sonder ooreenkomstige teenbegrippe van 'n Dietse State-bond, Dietse gesag en Dietse burgerskap; tot solang bly die Engelse Afrikaner, nieteenstaande al die ywerige pogings van 'n Nasionalistiese Regering, nommer één en die Hollandse nommer twee in Suidafrika. Solang hierdie kwesie nie by die wortel aangepak en verander word nie, is die volkome soewereine onafhanklikheid van die Nuwe Art. IV van die Nasionale Party-konstitusie, en wat die Nas. Party wil handhaaf. niks anders as 'n fata morgana. Die 1926 nuwe bedeling is en bly 'n belemmering vir die ontwikkeling van 'n nasie-persoonlikheid sowel vir die Engelse as vir die Hollandse Unie-burgers, omdat Domieniale Onafhanklikheid met sy Britse monargale regeringsstelsel en sy Britse lidmaatskap in die Britse Empire, nie 'n waarborg vir die voortbestaan en vrye lewens-ontwikkeling van 'n Suidafrikaanse nasie-siel is nie. 'n Nasie-siel waarby die Hollandse komponent net so 'n vernamename plek moet beklee as die Engelse.

Die Nasionalistiese onafhanklikheids-teorie gee egter 'n waarborg vir 'n vrye en gelyke ontwikkeling van die Suidafrikaanse nasie-siel, sowel van sy Britse as Hollandse komponent. Dit skep 'n staat gegroei uit die ware *volkswil* van onder af en nie van bo deur vreemde konferensies en outokratiese Parlemente, of politieke partye op die volk afgedruk nie.—Dit gee 'n staat wat hom nie blindstaar op die *grootheid* van die Staat alleen, en nie omgee om die grootheid te vermeerder deur opoffering van die siel van die volk. Dit gee 'n staat, 'n Suidafrikaanse staat wat ook gemakliker die middels sal vind om die regte prakties toe te pas, omdat dit baie gouer 'n gewillige amptenare korps sal kry, en 'n goedgesinde publieke opinie sal vorm, wat die Regering sal ondersteun.—Sulk 'n afgeskeie staat verbonde deur

vriendskaplike traktate net sowel met die Angelsaksiese as die Dietse volke, sal 'n bron van inspirasie wees nie alleen vir die Engelse soos nou, dog ook vir die Hollandse Afrikaner.

VERKONDIG NASIONALISME REWOLUSIONÊRE DENKBEELDE?

Verkondig ons iets nuuts of rewolusionêrs? Niks is minder waar nie. Ons bewandel ou beproefde weë. Hierdie denkbeelde het altyd in ons volk geleef.

Dit was die ou leer van die Nasionale Party self, nl.: „deur Afskeiding alleen volkome gelykheid tussen Boer en Brit in Suidafrika.” Tal van bewyse:—

(1) Die vroeër aangehaalde Manifes van die Gesamentlike Kongres van die Nasionale Party in Suidafrika. Art. 6. „Geen ware en duurzame vrede en tevredenheid is moegelik totdat niet alleen de geschonden rechten hersteld zijn, *maar ook de ganse Unie volkomen onafhankelijk is en afgescheiden van het Britse Ryk*, waardoor alleen volledige gelykstelling tussen de Engelse en de Hollandse bevolking en vriendskaplike verhouding tussen Suidafrika en het Verenigde Koninkrijk bewerkstelligd en bevorderd kunnen worden.”

Ek verkondig dus hier beginsels wat die Nas. Party alleen bely het, naamlik dat volkome onafhanklikheid binne die Britse Gemenebes van State nie voldoende is nie, maar dat 'n uittrede uit die Britse Ryk noodsaaklik is. Alleen die Nas. Party het hierdie beginsel vergeet.

(2) Die Verklaring van die Federale Raad, 1920, geteken: J. B. M. Hertzog* (Voorsitter), C. W. Malan, (sekretaris.)

Art. 8 daarvan: „Die reg van afskeiding of sesessie is 'n steeds voortbestaande en voortdurende reg, *totdat die afskeiding finaal bewerkstellig is*”

17: „Hangende die verwesenliking van ons volksideaal, *nl. soewereine onafhanklikheid vir Suidafrika afgeskei van die Verenigde Koninkryk (of/en) Britse Ryk*, moet ons stappe neem om in elke praktiese opsig en in werklikheid ook gelyk te wees met Engeland.”

Die Nasionale Party het sy woord in soverre nagekom dat hulle prakties die Unie in elke opsig gelyk gemaak het met Engeland. Die Nasionale Party het egter die Vaderskap van die daarmee-saamgaande begrip Afskeiding verloën, waarom? Omdat die Nasionale Party in die tussentyd getroud is met die Imperialistiese Arbeiders Party, en hierdie stiefmoeder voel niks vir hierdie eerste babetjie van die Nas. Party nie, en die Nasionale Party voel niks vir die sosialisasie en grondbelasting babetjie van sy tweede vrou nie. Daarom het vader en moeder besluit om hierdie twee babetjies se monde toe te prop solang die huwelik duur. Dit is die rede! Nie omdat Domieniale Soewereine Onafhanklikheid dieselfde onafhanklikheid is wat die ou Republieke gehad het nie, of daarmee vergelyk kan word nie. Onder Domieniale Onafhanklikheid is ons magtiger, dog nie vryer as onder die Vrystaat en Transvaalse Republieke nie.

Nasionalisme wil vryheid, nie mag nie!

Artikkel 18: „Daar is net twee rigtings, soos die beroemde Joseph Chamberlain gesê het. Die Domieniums en die Verenigde Koninkryk moet totaal van mekaar afskei of nader aanmekaar gesluit en gebind word. Daar is geen middelweg nie. Die posiesie kan onmoontlik een van stilstand wees.”

Artikkel 19: „...Nee, die Hollandse Afrikanerdom sê: „*Ons kies Chamberlain se alternatief van totale afskeiding.*”

Domieniale Outonomie het die gewenste afskeiding nie oorbodig gemaak nie.

Art. 22: „*Hangende afskeiding* moet ons sorg dra om ons ekonomies so onafhanklik moontlik te maak.....”

Afdeling 11a) „Dat dit absoluut onwaar is, dat die Nasionale Party sy houding omtrent onafhanklikheid en afskeiding verander het.”

In 1920 onwaar—in 1929 nog onwaar?

c) „Dat dit onwaar is, dat die Nasionale Party staat vir die onmiddellike afskeiding van die Unie.” Nie onmiddellike maar dan tog wel afskeiding!

h) „Dat dit onwaar is, dat die Herenigingskongres op enige ander punt misluk het dan die wye kring van die Suidafrikaanse Party om die

Sesessie-reg te erken in die onafhanklikheid as 'n beginsel of as 'n praktiese ideaal voor die oë te hou."

Die *Sesessie-reg* was in elk geval van so groot belang dat die Herenigings-kongres daarop misluk het.

(1) „Dat dit ongerymd is om te beweer, dat die Unie reeds soewereine onafhanklikheid besit, of dit as 'n deel van die Britse Ryk ooit kan verkry."

Is ons miskien nie meer 'n deel van die Britse Ryk hoewel vrylik verbonde as lid van die Britse Gemenebes van State?

Op die Onafhanklikheids-kongres het adv. Tielman Roos (gewese Minister) die wese van Afskeiding en die Republikeinse ideaal in die volgende sinsnede kernagtig saamgevat:—

"If (die Engelse teks is ongelukkig alleen tot my beskikking) a Republic is established here independent of the rest of the world, in which we receive equality of treatment, its flag, meaning as much to one section as the other, the solution will be reached of the problem as to the reparation of the spiritual injury suffered to-day by conqueror and conquered alike."

Die Nas. Party was miskien nooit 'n Republikeinse Party nie, 'n afskeidings-party was dit egter altyd. Dit kan nooit iets anders gewees het nie, want dit het sy oorsprong uit die Voortrekkers-ideale, waarvan die groot beginsels handhawing was van die Kristelike leer, behoue van die Hollandse Afrikaner volksiel, en 'n Onafhanklike Staat, nie alleen direk, dog ook indirek ontrokke van buitelandse en Britse invloede, dus weg uit die Empire.

Waarom kan ons dus nie tevrede wees nie met die Nasionale Party aksie van laat-maar-ontwikkeling en wag-'n-bietjie-politiek op status gebied?

Die Nasionale Party het hom tevrede verklaar met abstrakte regte oor afskeiding en regeeringsvorm. In die Party as Party mag niks positiefs gedaan word nie. Die individuele lede word wel vrygelaat om propaganda te maak, dog as ons die gevoele van die Party reg vertolk, dan sien die offisiële Party lievers dat ook dit nie gedaan moet word nie. Wat is die rede dat die

Nas. Party hierdie sporte van die leer, waarmee hy tot die huidige hoë posisie geklim het, nou wil uitskop? As hulle beskou word en verder van hulle gebruik gemaak word so word in offisiële kringe beweer, sal nie alleen die Nas. Party, dog die Hollandse Afrikaners tot magteloosheid gedoem word. Dit is duidelik dat met hierdie opvatting van die Nas. Party as Party op Status-gebied 'n wag-'n-bietjie en laat-maar-ontwikkel politiek gaan volg. Daar sal seker geen inspirasie van hom uitgaan nie. Nasionalisme wat heilig oortuig is dat hierdie kwessie 'n lewens, 'n bestaans-kwessie vir die Hollands Afrikaanse ras in Suidafrika is. kan hom by hierdie Laodiesensiese houding nie neerlê nie

Abstrakte regte is vir Nasionalisme nie genoeg nie, hierdie beginsels is vir hom lewende ideale.

Alleen 'n positiewe ideaal kan entoesiasme by die opkomende geslag opwek. Wat help dit om 'n groot skat sorgvuldig in 'n kis te begrawe, en aan jou erfgename oorlaat om daardie skat uit te haal en te gebruik? Eén uit tien en hulle sal nie meer die plek kan kry waar die skat begrawe was, en as hulle dit uitvind sal dit so verroes wees, dat hulle waarskynlik die waarde daarvan gladnie meer beseft nie. Dit is presies wat die Nasionale Party met die Afskeiding en die Republikeinse ideale van Nasionalisme nou wil doen. Dood tevrede met 'n ideaal te wees solang dit nog nie tenvolte verwesenlik is, dood daardie ideaal. Daar word gepraat van handhawing van die posisie as die vesting nog maar half ingeneem is, en die vyand se vlag nog vrolik en vry op die vesting wapper. Ons moet nie handhaaf nie, maar stormloop!

Ons kan nie tevrede wees met die laatmaar-ontwikkel en Gods-water-oor-Gods-akker-laatloop-politiek van die Nas. Party nie, omdat volgens die beste outoriteite op Britse Staatsreg, ons status ontwikkeling beperk is en in werklikheid sover gekom het as sy aard dit toelaat. Selfs die 1926-Rykskonferensie het uitdruklik die aandag op hierdie belangrike feit gevestig. Dit sê duidelik in die aanhef: *"There is one most important element in which the British Empire from a strictly constitutional point of view, has*

now as regards all vital matters, reached its full development—we refer to the group of self-governing communities composed of Great-Britain and the Dominions.” Let op die uitdrukking: *reached its full development*! Ons het reeds uitvoerig bewys dat ons kinds-kindere baie jare sal moet wag as ons die wag ’n bietjie leuse van die Nas. Party op ons banier skryf. Die aard van die status is so, dat al sou hy nog so baie vervel, daar nie so ’n metamorfose in hom sal plaasvind nie, dat hy hom as ’n Nasionale Demokratiese Republiek sal kan ontpop.

Nasionalisme bly genl. Hertzog en die Nas. Party dankbaar, dat hulle ons volk in die omswerwinge in die woestyn gelei het, en hulle ons volk die pad na Kanaän gewys het, en selfs werklik van die heuning en melk daarvandaan gekry, laat proe het. Waarom nou weer terug verlang na die vleispotte van Egipteland? Genl. Hertzog het soos Moses van ouds in sy ywer en ongeduld om ons onafhanklikheid te volmaak, in plaas van met die rots te spreek, dit geslaan. Die water het wel in volle strale uit die rots gespuut, maar dit is nie die reine, klare water waarvoor ons voorouers die lang reis uit Egipteland gemaak het nie. Ons staan op die grens van die beloofde land, ons sien die vlaktes dog ons is nog nie daar nie. Dit stem ons tot nadenke as genl. Smuts so bang is vir die Republikeinse propaganda. Hy het in een van sy verkiesingsaansprake gesê: “I see there is a tendency to reopen the republican issue. I greatly regret this. I think it will be a bad day for the history of South Africa if this question is reopened. Do not let us reopen it”.... “Let us remain by the position as defined by the Imperial Conference. Let us accept it and acknowledge, that we have all that National Status which is our due, and let us stand together and improve that position for the future.” Genl. Smuts is altyd ’n slegte vertolker van Suidafrikaanse Nasionalisme gewees. Sy advies klink al te veel woordelek soos die van die Nas. Party. Is dit ’n wonder as Nasionalisme begin af te vra of die Nasionale Party strewe nog suiwer nasionalisties op hierdie gebied is?

Nasionalisme kan hom nie verenig met die laat-maar-ontwikkel-politiek van die Nasionale

Party nie omdat die leer, dat Suidafrika nou op internasionale gebied 'n staat van ewewig bereik het, en nou feitlik nie meer vir verdere ewolusie, behalwe praktiese toepassing vatbaar is, gevaarlik is: „Julle het julle daardie tyd volkome tevrede verklaar met die verhoudings en die status van die 1926 Rykskonferensie, julle het erken dat die bestaande betrekkings juis en regverdig was, en feitlik alles bevat waarna julle altyd gestreef het, waarom nou weer veranderings daarin te wil maak?” Dit is gevaarlik vir ons self omdat ons daardeur ons Hollandse-Afrikaners in die slaap sus, en hulle onder die indruk bring, dat ons nou die hoogste saligheid op staatkundige terrein deelagtig geword het, dat daar niks hoër meer te bereik is en dat—en hierop kom dit eintlik aan, dat ons Hollandse Afrikaner nasieskap ons nasiesiel onder soewereine onafhanklikheid volkome tot sy reg sal kan kom. Dit is 'n wanbegrip! Laat ons eerlik teenoor mekaar in alle opsigte wees, en laat Nasionalisme rondborstig die waarheid verkondig. Laat ons die teergevoeligheid van die Angelsaksers soveel moontlik ontsien, maar laat ons dit benede ons waardigheid beskou om dit te doen tenkoste van ons heiligste Nasionale oortuigings en aspirasies.

Dit is om al die redes, dat ons hierdie ideale van Nasionalisme nie langer in die hande van die Nasionale Party kan toevertrou nie, maar dat 'n ander orgaan in die lewe geroep moet word wat dit onvervals sal bewaar en daadwerklik met hart en siel sal probeer om dit te verwesenlik op staatkundige terrein.

3)'N REPUBLIKEINSE VERBOND NOOD- SAAKLIK.—'N REPUBLIKEINSE POLITIE- KE PARTY ONGEWENS.

Bond of Politieke Party? Moet hierdie Nasionale belange opgedra word aan 'n Bond of 'n Politieke Party? Daar bestaan twee oortuigende redes waarom 'n Bond of 'n Vereniging en nie 'n Politieke Party gestig moet word nie.

Die eerste is dat ons 'n simpatieke Nasionale Regering aan bewind van sake het, wat eerlik probeer om soveel moontlik ons Status uit te lê en prakties toe te pas ooreenkomstig die beginsels van Nasionalisme.

'n Regering wat soos ons vroeër op gewys het roei sover, ja byna verder as sy gebrekkige rieme hom toelaat. Laat ons volmondig toestem en erken dat Genl. Hertzog met die Duitse Traktaat en met die instelle van Gesantskappe veral in die Haag, prakties gewerk het volgens die beginsel van Nasionalisme, wat vir die Holl. Afrikaners staatkundige toenadering soek by sy Dietse stamgenote. Die Nasionale Regering doet dus prakties wat in sy vermoë is, en sover as die aard van Dominiële Outonomie hom toelaat, om uitvoering te gee aan ons wense. As daar 'n onsimpatieke Regering aan bewind van sake was soos die Smuts-regering, sou dit noodsaaklik gewees het om 'n Republikeinse Party te stig. Mog die Nasionale Regering verslap of ophou simpatiek te wees teenoor die beginsels van Nasionalisme op onafhanklikheidsgebied, sal die tyd aangebreek het om 'n Republikeinse Party te stig met die doel 'n Republikeinse Regering aan die bewind van sake te kry. Vandag is dit nog nie nodig nie.

Die tweede rede waarom 'n Bond en nie 'n Politieke Party gestig moet word nie, spruit voort uit die les wat die Nas. Party self ons geleer het. 'n Politieke Party veral as hy aan die bewind van sake wil kom, of is, moet rekening hou met allerlei bykomstighede. Hoe sterker so'n Party word des te groter word sy versoeking om sy deure wyer ope te sit, en des te minder hou hy vas aan sy grondbeginsels. Dit het feitlik met die Nas. Party gebeur. Deurdat hy sy deure te wyd begin oop te sit, kry hy wel 'n sterker stem-buskrag, dog word hy eweredig swakker en onbekwamer as handhawer en beskermmer van suiwer Nasionalisme. Word 'n Politieke Party gestig, dan bestaan daar gevaar dat die geskiedenis hom gaan herhaal.

'n Bond kan baie suiwerder staan. Hy het nie al die beslommeringe verbonde aan die organisasie van 'n politieke party nie. Hy behoef hom nie te laat be-invloed deur allerlei syweë nie. Hy kan baie beter reg deur see gaan, en hom op die een ideaal konsentreer, wat die oorsaak was van sy geboorte. Sy beginsel- en aksie-program behoef nie be-invloed te word deur oombliklike politieke voordele nie. 'n Bond kan baie onafhankliker optree en sy invloed na alle kante laat geld—ook on-

der ons Engelse Afrikaners en ander politieke kombinasies. Alleen as dit blyk dat die Nasionale Party absoluut vyandig word teen Afskeiding en Republiek sal ons moet oorgaan tot 'n stigting van 'n nuwe party

Nou staan die Nas. Party neutraal daarteenoor, dog 'n kragtige Bond buite die politieke partye sal wel deeglik sy invloed ook binne die partye deur sy lede, wat ook lid is van die verskillende politieke partye laat voel. 'n Bond sal ook met ander bonde en verenigings wat hulle meer spesiaal toelê op ander terreine en sferes van die maatskappe om Nasionalisme te handhaaf soos die Afrikaanse Taal-, Helpmekaar-, Kultuur-, Broeder Kalvinistiese bonde ens. gedaan word, hand in hand saamwerk. Hy sal dit baie beter as 'n politieke party kan doen.

Die onafhanklikheids-ideaal van Nasionalisme is so lewensgewichtig dat dit nie tevrede kan wees nie om as byvoegsel of as 'n neutrale aanhangsel van 'n politieke party mee te slinger. Sy betekenis vir ons nasieskap is so fundamenteel, dat 'n eie afsonderlike aksie gebiedend is.

WAAROM 'N REPUBLIKEINSE EN NIE 'N AFSKEIDINGS-BOND?

Hoewel afskeiding noodsaaklik is en die regeringsvorm tweede kom, tog sou ons beter werk kan doen as 'n Republikeinse-inplaas van 'n Afskeidingsbond gevorm word. Republiek is 'n slagwoord! Ons volk weet wat dit inhou. Dit het 'n historiese agtergrond. Dit bring die diepste snare van patriotisme in trilling. Dit laat elkeen dink aan 'n beproefde Regeringsstelsel, wat ons liefde en agting wakker roep. Afskeiding hoewel die eintlike grondbegrip klink meer akademies, minder werklik as 'n Republiek. Om hierdie redes moet ons 'n *Republikeinse Verbond* stig.

'n Republikeinse Verbond wat 'n wakende oog sal hou, sodat ons Kristelik-Nasionaal-Demokratiese beginsels op staatkundige terrein tot hulle reg kom. Wat sal staan agter die Nasionale Regering as 'n kragtige stootkrag, wat hom nie sal laat beïnvloed deur Party-politieke beweegredenes nie. 'n Verbond wat aan die jong geslag 'n inspirerende ideaal sal oorhandig, om verder

te ontwikkel, en te verwesenlik.... 'n Verbond wat sal moet toesien dat die hele lewe en strewe van die Voortrekkers, nie tot 'n leuen gemaak word nie. Die erkenning van ons teenswoordige Domieniale Onafhanklikheid as vervulling van ons hoogste ideaal op hierdie gebied, is tog niks anders nie as 'n beskuldiging teen die Voortrekkers dat hulle opofferings vir 'n skyn ideaal gemaak het, dat hulle 'n mirage nagejaag het, dat as hulle maar versienende genoeg was, dit nooit nodig vir hulle sou gewees het nie om die woeste wêreld in te trek. Al die voordele van vryheid, gelykheid, broederskap, wat ons vandag geniet, sou op die duur soos 'n ryp appel in hulle skoot geval het.

'n Verbond wat die volk die vals- en die holheid van hierdie drogrede asof ons nou dieselfde vryheid en onafhanklikheid het, waarvoor die Voortrekkers alles voor opgeoffer het onder die oë bring, asof ons nou alles het waarvoor hulle gestry en gely het.

Die prysgee van die Republikeinse ideaal is sielododend vir ons volk. Afskeiding en Republiek is die kragtigste, is die enigste afdoende wapen om ons taal en kultuur vergoed die oorwinning te besorg. Daarom organiseer! Stig in elke stad, dorp en distrik Republikeinse Verbonde! "Trek verder, verlui dit smorens vroeg en saans heel laat, nog nie vergenoeg." Laat ons al hierdie verbonde in één groot, verpletterende liggaam saamsmelt, wat op die gestelde tyd by die eerste sein, 'n onweerstaanbare dwingkrag kan uitoefen, op watter politieke party ook.

Hier is 'n ideaal om voor te leef en voor te stry: Die wese van die Republikeinse strewe is *eerlik* omdat dit 'n uiting is van die diepste oortuiging van ons volk.

Sy handelwyse is *opreg*, omdat dit nie werk nie vir enig politieke gewin, maar alleen vir die beste belange van geheel Suidafrika.

Sy doel is *vaderlandshiewend*, omdat dit nie één bepaalde seksie bevoorreg nie, maar dit dieselfde lewensvoorwaardes vir alger wil skep.

Sy optrede is *manmoedig*, omdat dit *openlik* in volle daglik, met ope visier en met al sy kaarte op die tafel, werk.

Sy oortuiging is *heilig* omdat dit gegrond is

op die diepste gevoelens van ons nasie soos gegroei en gebaseer op ons voorouers se traditiesies en Voortrekkers se ideale.

TREK OP! „Daar is nog 'n stryd te stry,
Daar is nog 'n nasie-siel te bevry!”

